



Die Koninkryk kom in die Landbou!



40-Dae Gebedsfokus

Die Woordelose Boekie

“’n Kleurvolle manier om die Evangelie te deel”

Die Woordelose Boekie is aanvanklik deur Charles Spurgeon in 1866 bekendgestel. Dit het net drie bladsye gehad: **Swart**, **Rooi**, en **Wit**. Sy preek in die Metropolitaanse Tabernakel in London se titel was “Die Woordelose Boekie”. Hy het vertel van ’n onbekende ou leraar wat drie bladsye bymekaar gesit het om homself dikwels te herinner aan sy sondige toestand (swart), aan Christus se bloed wat vir hom gestort is (rooi), en aan die “witter as sneeu” reiniging wat vir hom voorsien is.

Dit is nie bekend wie die **Goue** bladsy bygevoeg het nie, maar dit het ’n nuwe dimensie aan die boek verleen wat die liefde van God en die glans van die hemel verteenwoordig het. Nege jaar later het DL Moody die boekie gebruik by ’n kinderdienste wat deur ongeveer 12 000 mense bygewoon is. Hulle het die boodskap gehoor van “Die boekie met vier bladsye: Swart, Rooi, Wit en Goud”.

Toe Child Evangelism Fellowship (CEF) die boekie in 1939 begin druk het, het hulle die **Groen** bladsy bygevoeg om geestelike groei aan te dui. In 1993 is **AMOS** deur Hennie en Janetta Viljoen gestig. **AMOS** het die waarde van Die Woordelose Boekie om die Evangelie aan ongeletterde mense oor te dra, besef. Hulle het die **Blou** bladsy bygevoeg, om aan te toon dat Jesus eendag weer gaan terugkeer na ons toe om ons te kom haal.

Later is ontdek dat die International Childrens Ministry Institute (*ICMI*) dieselfde behoefte gevoel het, en reeds in 1988 ook ’n blou bladsy bygevoeg het.



Die Koninkryk kom

in die Landbou!

*40-Dae Gebedsfokus op die Landbou
1 September – 10 Oktober 2013*

Skrywer:	Hennie Viljoen
Buiteblad ontwerp:	Utilisoft
Taal- en gehaltebeheer:	Hannatjie Theron Cilna Maritz
Druk- en bindwerk:	SA Printgroup

Met die uitsluitlike doel dat jy hierdie publikasie gratis mag versprei, hou *AMOS* geen kopiereg daarop nie. Daarom mag jy hierdie boekie sonder toestemming reproduseer langs enige elektroniese of meganiese weg, of in enige ander vorm, hetsy deur fotokopiëring, bandopname, of enige ander stelsel van inligtingsbeweging. **Die publikasie mag egter nie verkoop word nie.** Vir enige navrae kan u die skrywer kontak.

Uitgegee deur **AMOS AGRIMIN**

078 451 8085/ secretary@amosafrica.net

ISBN 978-1-920138-48-6



Inhoudsopgawe

	Hoe om die meeste van die Gebedsfokus te maak	4
	Deel 1 Berei die grond voor	6
1	Die Koninkryk kom!	6
2	Die Koninkryk is nie 'n terloopse saak nie!	8
3	Dit gaan alles oor die Koning	10
4	Jy kan die Koning nie onder huisarres plaas nie!	12
5	Die Koninkryk is nie plekgebonde nie	15
6	Die Koninkryk lê en wag nie êrens in die verre toekoms nie	18
7	Die Koninkryk is nie tydgebonde nie	20
8	Die Koninkryk hang nie in die lug nie	21
9	Die Koninkryk van God stel jou voor 'n keuse	23
10	Die Koninkryk is nie net 'n pastoor- of dominee-besigheid nie	25
11	Jy kan weer namens die Koning heers	27
12	Wat is die oortuigings in jou hart?	30
	Deel 2 - Kernwaarhede oor die Koninkryk	33
13	In die Koninkryk gaan dit oor die Koning	33
14	In die Koninkryk gaan dit oor gehoorsaamheid aan die wil van die Koning	35
15	In die Koninkryk gaan dit oor die Koning se oorwinning oor die Bose	37
16	In die Koninkryk gaan dit oor die herstel wat die Koning bring	40
17	In die Koninkryk gaan dit oor die Koning se wederkoms	42
	Deel 3 - Die Koning heers oor alles	44
18	Oortuigings bepaal hoe jy lewe	44
19	'n Lied oor die Koning vir die Koning	46
20	Die Koning het mag en gesag oor alles en almal (1)	48
21	Die Koning het mag en gesag oor alles en almal (2)	50
22	Die Koninkryk kom wanneer ...	52



Deel 4 - Toegang tot die Koninkryk 55

23	Hoe kry jy burgerskap van die nuwe Koninkryk?	55
24	Die hele mens moet in die Koninkryk van God kom	57
25	Die wortel van die probleem	60
26	Wedergeboorte	62
27	Die Koning is in ons!	63
28	Die volle boodskap van die Kruis	66

Deel 5 - Die lewe in die Koninkryk van God 69

29	Die lewe in die Koninkryk van God	70
30	Die Koninkryk is méér as dit wat sosiaal aanvaarbaar is	72
31	Die Koninkryk kom wanneer ons God's Way leef en boer	74
32	Die Koninkryk kom wanneer diskriminasie gaan	76
33	Oorwinning in die Koninkryk	78
34	Jy kan ontspan	81
35	Jy kan seker wees	83
36	Liefde verdryf vrees	84
37	Sing oor die mag en gesag van die Koning	86
38	Vry! Vry! Vry! Heeltemal vry!	88
39	Wees nederig en afhanklik	90
40	Die Koninkryk kom wanneer ons oorgee, omgee en aangee	92

Bylaag 1 - Die Koninkryk in die Landbougemeenskap 95

Bylaag 2 - Om verder oor na te dink 98



HOE OM DIE MEESTE VAN DIE GEBEDSFOKUS TE MAAK

Hou die volgende in gedagte om die meeste van hierdie 40-dae te maak:

1. Beplan en organiseer

Benut elke bestaande gebedsgeleentheid. Skep ook nuwe geleenthede om gedurende dié tyd saam met ander mense te bid. Daar is baie moontlikhede, maar dit gaan nie vanself gebeur nie. Julle moet moeite doen en deeglik beplan. Dink aan die volgende:

- Jou persoonlike **stiltetyd**;
- Gebede **aan tafel** (*dis dié geleentheid waar mense vir die landbou kan en behoort te bid*);
- Met **invaltyd, uitvaltyd** of **gedurende middagetes** kan tyd aan gebed afgestaan word;
- Gebruik julle **bestaande kleingroepbyeenkomste**;
- Tydens **eredienste** kan 'n boer, boervrou, kind, plaaswerker of enige ander lidmaat gevra word om spesiaal vir die landelike en boerderygemeenskap in te tree;
- **Spesiale gebedsgeleenthede** (bidure), asook **halfnag- of deurnag-gebedsgeleenthede** kan gereël word;
- Mobiliseer **bejaardes, kinders, vrouens, gebedsgroepe**, ensovoorts om saam te bid.
- **Bemark** die *40-Dae Gebedsfokus op die Landbou* so wyd as moontlik. Benut die plaaslike koerante en radiostasies. Onthou, dié riglyne verskyn ook op *AMOS* se tuisblad: **www.amosafrica.net** Dit mag vrylik gedupliseer word.

2. Lees die Skrifgedeeltes

Lees die Skrifgedeeltes! Beantwoord die vrae. Indien jy net lees wat in die boodskap staan, gaan jy min seën en groei ervaar. Onthou, die belangrikste is om die Gees die geleentheid te gee om deur die Woord aan die woord te kom.

3. Bely sonde

Al word dit nie spesifiek by elke dagstukkies genoem nie, is dit uiters belangrik om deurgaans aandag te gee aan die vier belangrike sake wat in **2 Kronieke 7:14** genoem word:

- Laat die Heilige Gees berou in jou werk;
- Bid en bely alle sonde waarvan die Gees jou oortuig;
- Vra na die wil van die Here en gehoorsaam dit;



- Draai terug van jou bouse weë. Draai jou rug op alles wat in die lig van die Woord nie God se goedkeuring wegdra nie.

4. **Gebedsopdrag**

Die gebedsopdrag gee 'n aanduiding waarvoor gebed behoort te word. Dis nie wettiese voorskrifte nie. Lees en oordink die gedeelte vir elke dag. Bid dan oor alles wat die Heilige Gees op jou hart plaas.

5. **Kweek die dissipline om te vas en gehoorsaam te wees**

Daar is verskeie goeie boeke op die mark oor vas en gebed. Lees dit gerus. Die 40-Dae Gebedsfokus is 'n ideale geleentheid om jou selfbeheersing en dissipline op te skerp. Jy kan soos Ester-hulle vir drie dae niks eet of drink nie (Ester 4:16), of soos Daniël en sy vriende net groente eet en water drink (Daniël 1:12).

Oorweeg dit om byvoorbeeld vir dié 40 dae te vas van iets waarvan jy baie hou: Drink geen koffie of Coke nie; eet geen lekkergoed of sjokolade nie; eet geen vleis of suiwel of brood nie. Jy kan ook besluit om nie 'n tweede bord kos te eet nie, geen tonikums te drink of ander stimulant te gebruik nie. Gebruik byvoorbeeld liever die tyd wat jy na 'n spesifieke TV-program sou kyk, om te bid. Daar is soveel moontlikhede. Dis belangrik om self by die Here te hoor wat jy/julle moet doen.

Dis nie net kos, TV, ensovoorts, wat ek en jy moet leer om soms te los nie. Ons moet veral leer om **altyd ons sonde en ongehoorsaamheid te los**. Ons moet vas van ons bouse werke en breek met slegte gewoontes. Gebruik dus ook hierdie 40 dae om die dissipline van gehoorsaamheid aan te leer en in te oefen.



DEEL 1

Berei die grond voor

In die Bybel word beide die Woord en die Koninkryk van God met saad vergelyk (Markus 4:1-20 en 4:26-34). Daar is lewe en groeikrag in saad gebêre! Daar is nie enige verband tussen die grootte van die saad en die grootte van sy plant nie. 'n Baie klein saadjie kan in 'n enorme groot boom ontwikkel. Dis egter nie net die gehalte van die saad wat belangrik is nie, maar ook die grond waarin dit geplant word. Goed voorbereide, vrugbare, diep grond met genoeg vog maak dat saad baie beter groei. Vir die saad van die Woord aangaande die goeie nuus van die Koninkryk om te ontkiem en oorvloedige vrug te dra, moet my en jou hart voorberei en ontvanklik wees. Daarom moet ons eers van 'n paar groot klippe ontslae raak en God toelaat om ons denke ten opsigte van 'n paar dinge te verander. As ons nie nuut dink nie, is die kansse goed dat die goeie nuus van die Koninkryk geen vrug in ons lewe sal dra nie.

Dag 1

Die Koninkryk kom!

Luister alle boere!

Spits julle ore alle landbouers!

Gee jou volle aandag Afrika!

Ek bring vir julle baie goeie nuus.

Ek deel met julle 'n fantastiese boodskap.

Ek eggo dit wat die profeet Jesaja reeds voorspel het. (Jesaja 9:1-6)

Ek herhaal wat die Engel vir Maria gesê het. (Lukas 1:31-33)

In my hart is daar hoop!

In my hart is daar 'n vaste oortuiging:

Living and Farming God's Way is moontlik;

Living and Farming God's Way sal Afrika kenmerk! (Markus 11:22-24)

Want vir ons is daar 'n Kind gebore,

'n Kind met méér as een Naam:

Hy is die Lam én die Leeu;



Hy is die Redder én die HERE;
Hy is die Sterk Verlosser én die **Ewige Koning** -
Sy heerskappy sal voortdurend uitbrei en nooit ophou nie!

In my hart is daar hoop!
In my hart is daar 'n vaste oortuiging:
Donker Afrika sál 'n lig word vir die nasies;
Honger Afrika sál die wêreld voed;
Boere sál geseën word om tot seën te wees;
Landbouers sál weer rentmeesters van hulle grond wees;
Die landbougemeenskap sál God se verteenwoordigers wees!

Want vir ons is daar 'n Kind gebore,
'n Kind met meer as een Naam:
Hy is die Lam én die Leeu;
Hy is die Redder én die HERE;
Hy is die Sterk Verlosser én die **Ewige Koning** -
Sy heerskappy sal voortdurend uitbrei en nooit ophou nie!

Daarom dring ek daarop aan:
Luister alle boere:
 Soek allereers die Koninkryk van God.
Spits julle ore alle landbouers:
 Doen moeite om die goeie boodskap van die Koninkryk te
 verstaan.
Gee jou volle aandag Afrika:
 Jou Koning wil jou leer hoe om te lewe en te boer,
 Hy wil jou onderrig in *Living and Farming God's Way*.

In my hart is daar hoop!
In my hart is daar 'n vaste oortuiging: **Die Koninkryk kom!**
Want vir ons is daar 'n Kind gebore,
'n Kind met meer as een Naam:
Hy is die Lam én die Leeu;
Hy is die Redder én die HERE;
Hy is die Sterk Verlosser én die **Ewige Koning** -
Sy heerskappy sal voortdurend uitbrei en nooit ophou nie!



Gebed:

Ons Vader wat in die hemel is,

Laat u Naam geheilig word - ook deur landbouers.

Laat u Koninkryk kom - ook in die landbou.

Laat u wil in elke boerdery geskied net soos in die hemel sodat die lewe op elke stukkie grond kan wys hoe hemel-op-aarde lyk.

Dag 2

Die Koninkryk is nie 'n terloopse saak nie!

Was jy al ooit in 'n gesprek oor sokker, landboubemagtiging of aardverwarming waarin almal voorgee dat hulle presies weet waarvan hulle praat? Elkeen het 'n antwoord en oplossing vir diepgewortelde probleme en uitdagende vraagstukke. As jy egter lank genoeg stilbly en luister, kom jy agter meeste het nie 'n idee waarvan hulle praat nie. Hulle mening is gevorm deur wat hulle hier en daar gehoor het, maar eintlik is hulle totaal oningelig.

Helaas is dit ook waar van die Koninkryk van God. Baie Christene kan nie regtig oor dié onderwerp saampraat nie. Hulle wil net weet of iemand na die dood in die hemel of die hel gaan beland. Vergifnis van sonde en redding van "siele" is hulle verkorte en verskraalde weergawe van die boodskap van die Bybel. Hulle stel nie belang in die Koninkryk van God nie.

Dit is 'n groot uitdaging, want in teenstelling met kinders vir wie jy maklik enige ding kan leer, leer volwassenes net dit wat hulle wil leer. As iets hulle nie interesseer, of nie vir hulle belangrik is nie, sal jy hulle niks daarvoor kan leer nie. Hulle stel net nie belang nie.

Ek is oortuig die boodskap van die Koninkryk is lewensbelangrik. Almal móét dit hoor, verstaan en glo! As jy met belangstelling luister, vertrou ek dat die Heilige Gees jou dieselfde oortuiging sal gee. Daar is drie redes waarom ek glo die Koninkryk só belangrik is:

- God se Woord sê so;
- Dis 'n goeie boodskap – voordelig vir almal wat dit glo;
- Dis die oplossing vir al die wêreld se probleme!



As jy dink ek oordryf, wil ek jou vra: Loop die pad treetjie vir treetjie saam, en word oortuig.

Nog beter, laat die Woord en Gees van die Koning jou oortuig.

† *Wat was die eerste boodskap van Johannes die Doper? Lees Matteus 3:1-2.*

.....

† *Wat was die eerste boodskap van Jesus? Lees Matteus 4:17 en Markus 1:14-15.*

.....

† *Wat moet ons gedurig van die Vader vra? Lees Matteus 6:10.*

.....

† *Wat is die eerste en belangrikste ding wat God se kinders moet doen? Lees Matteus 6:33.*

.....

† *Waaroor het Paulus gepreek? Lees Handeling 28:23 en 28:30-31.*

.....

Dit is duidelik dat die Koninkryk baie belangrik is! Mag jy gaandeweg ook oortuig word dat die tweede en derde stelling waar is.

Gebedsopdrag:

† Bid dat jy, maar ook die hele Afrika, 'n onversadigbare honger en dors na die Koninkryk van God sal hê.



Dag 3

Dit gaan alles oor die Koning

Deesdae word veral sportmanne en –vroue, asook musieksterre dikwels opgehemel en kry selfs in hulle leeftyd reeds ikoon-status. Mense gaan eenvoudig mal oor hulle helde. Hulle aanbid die grond (en klere) van hulle helde en besing hulle vermoëns en prestasies tydig en ontydig in elke gesprek. Dit gebeur ook soms met biljoenêr-sakemanne, beroemde wetenskaplikes en groot staatsmanne. Baie van die wat so besing word se lewe het egter ook 'n skadukant: hulle waardes, karakter, verhoudings en huwelike laat veel te wense oor. Met verloop van tyd raak mense dus uitgepraat oor hulle, want na alles is daar regtig nie veel oor hulle te sê nie. Die heldeverering is immers slegs gegrond op een spesifieke, uitsonderlike vermoë of prestasie.

In teenstelling met hierdie kortstondige verering van mense, sing die skepping al vir eeue en eeue oor iemand. Dit vertel van daardie Persoon se ewige krag en Goddelikheid (Romeine 1:20). Elke dag gee dié boodskap getrou deur aan die volgende môre en elke nag vertel dit geluidloos aan die volgende aand (Psalm 19:1-5). Die lied bly nuut en die boodskap verstommend. Daar is 'n God wat, deur net te praat, alles uit niks geskape het (Hebreërs 11:3). Daar is 'n magtige Koning wat oor die ganse skepping heers en dit in stand hou (Hebreërs 1:2-3 en Kolossense 1:15-20). Aangesien sonde die mens se oë verblind en sy ore verdoof het, het dié boodskap egter by meeste mense verbygegaan.

Daarom het God oor baie jare verskillende mense deur sy Gees geïnspireer om dié boodskap wat Hy by die mense wou tuisbring, in 66 boeke neer te skryf. Die hele Bybel getuig nou saam met die ganse skepping dat God werklik die HERE en Koning is.

God het nog verder gegaan. Hy het sy Seun gestuur sodat ons in Hom weer die HERE en Koning persoonlik kon leer ken. Dié Koning het 'n Koninkryk en dié Koninkryk het 'n Koning. Jy kan die twee nie van mekaar skei nie. Om die Koninkryk te verstaan, sal jy die Koning persoonlik moet leer ken.



Luister na die Woord van die Koning:

† Wie, sê Jesaja, is dié Koning? Hoe word die Koning en sy Koninkryk in Jesaja 9:5-6 beskryf?

.....
.....

† Hoe beskryf Johannes die Koning en waarom kan ons sy getuienis aanvaar? Lees Openbaring 1:1-5a.

.....
.....

† Wat staan in Johannes 1:18 en 14:8-9? Wat het Jesus kom doen?

.....
.....

In die Koninkryk gaan alles oor die Koning! Oor Hom kan niemand ooit uitgepraat raak nie. Daar sal altyd nog iets wees om te sê oor sy onbepaalde vermoë om uit niks nuwe dinge te skep deur net te praat (Hebreërs 11:3). Daar sal vir ewig nog iets wees om te sê oor sy verlossing van die mens en die skepping. 'n Ewigheid is nodig om sy ewigduerende krag en mag, sy wysheid en voortreflikheid, sy fantastiese aard en karakter, asook sy onveranderlike, goeie en mooi eienskappe te besing.

Praat jy meer en makliker oor jou helde as oor hierdie Koning? Dan wil ek jou vra: Het jy die Koning al persoonlik ontmoet? As jy gou uitgepraat raak oor Hom, het jy Hom na alle waarskynlikheid nog nooit self ontmoet nie. Moenie langer tevrede wees om net kennis te neem van wat ander oor die Koning sê nie. Kom ontmoet Hom self. Hy wil graag j^{ou} Koning wees.



Sonder 'n ontmoeting met die Koning kan godsdiens dalk vir jou sin maak, maar die Koninkryk sal nie. Dié Koninkryk is onlosmaaklik vas aan die Koning.

Gebedsopdrag:

† Aanbid die Koning.

Dag 4

Jy kan die Koning nie onder huisarres plaas nie

Nou onlangs lees ek weer 'n “onskuldige” SMS van 'n gemeente wat sy lidmate daaraan herinner om hulle tiendes die komende Sondag na “*die huis van die Here*” te bring. Sondag vir Sondag is daar steeds predikers wat die gemeente “*in die huis van die Here*” verwelkom. Waarom is kerkgeboue vir mense so belangrik en waarom noem hulle dit die *huis van die Here*?

In die Ou Testament lees ons dat die Here mense gekies en deur sy Gees besonder bekwaam gemaak het om die Tent van Ontmoeting (Tabernakel) te bou (Eksodus 35:30 tot 36:1, asook 36:8). Hierdie manne het ook die Verbondsark gemaak en dit is agter die voorhangsel in die Tent van Ontmoeting neergesit (Eksodus 40:1-3). Dié Tent was die enigste offerplek (Levitikus 17:1-9). Nadat die volk hulle in die Beloofde Land gevestig het, was dit Dawid se begeerte om vir die Here 'n permanente huis te bou, maar die Here het gesê dat die tempel deur Dawid se seun, Salomo gebou moet word (1 Kronieke 28: 3 en 6). Nogtans het Dawid aan Salomo volledige voorskrifte gegee oor hoe die tempel moes lyk en hy het 'n massiewe bydrae vir die bouwerk gegee (1 Kronieke 28 en 29). Vir jare sou die tempel die middelpunt wees van al Israel se godsdienstige aktiwiteite: Dié plek waar God ontmoet is (Vgl. Psalm 84). Hierdie tempel is gedurende die Ballingskap (toe Israel as gevolg van hulle sonde na Babel weggevoer is) verwoes. Die volk het toe sinagoges begin bou wat as middelpunt van plaaslike Joodse gemeenskappe sou dien. Dit was die plek waar die Skrifte voorgelees is en waar daar gebid is. Nadat die volk uit Ballingskap teruggekeer het, is die tempel onder leiding van Serubbabel herbou (Esra 3 tot 6), maar die sinagoge-kultuur het ook bly voortbestaan. In 19 v.C. het Herodes begin om die tempel in 'n indrukwekkende plek te omskep (Johannes 2:20; Markus 13:1). Heilige ontmoetingsplekke, spesifieke tye vir gebed en offers, asook



tussengangers (priesters) het dus die lewe en godsdiens van Israel bepaal.

Hierdie Ou-Testamentiese agtergrond verklaar waarom mense steeds kerkgeboue as *die huis van die Here* beskou. Maar hierdie manier van dink en praat verhinder die koms van die Koninkryk, want dit versterk die onbybelse opvatting dat God in geboue (tempels, kerke en/of katedrale) bly en dus afwesig is in die daaglikse gang van die lewe. God bly nie in geboue nie (Handelinge 17:24). Hoe kan Hy buite regeer as Hy binne toegesluit bly?

In Johannes 2:19-22 sê Jesus duidelik dat Hý in die toekoms die punt van ontmoeting tussen die mens en God sal wees (vgl. Johannes 14:6), nie meer die tempel of enige ander heiligdom nie (Johannes 4:19-24). Om die vroeë kerk te help om finaal afskeid te neem van plek-georiënteerde en tyd-gebonde godsdiens, het God in 70 n.C. die Romeine gebruik om die tempel finaal te verwoes. Dit is duidelik dat God 'n einde wou maak aan sporadiese kort besoeke aan spesifieke aanbiddingsplekke wat baie tyd en geld kos omdat mense ver moet reis om die sogenaamde *huis van die Here te besoek*. Ons is nie meer *besoekers* aan die huis van die Here nie – ons is lede van die huisgesin van God (Efesiërs 2:19). Ons hoef nêrens heen te gaan om by *die huis van die Here* uit te kom nie. Ons ís die huis van die Here – tempels van God (Efesiërs 2:19-20 en 1 Korintiërs 3:16). Dít het 'n vierjarige dogtertjie in Nigerië verstaan. Sy het gestaan en kyk hoe “radicals” hulle kerk tot die grond toe afbrand. Toe sê sy: *Jesus does not live in sticks and stones. He lives right here, in my bones.*

God wil nie hê dat my en jou kennis van Hom beperk moet wees tot godsdienstige ervarings in tempels of kerkgeboue nie. In die Koninkryk gaan dit oor veel meer as om vir een uur per week netjies aan te trek en ver te ry om op 'n spesifieke tyd en plek, deur middel van 'n pastoor of dominee 'n voorafgestruktureerde ontmoeting met God te hê. Die Koninkryk is 'n waar-ook-al, wanneer-ook-al, met-wat-se-klere-ook-al besigheid. Omdat die tempel verwoes, die voorhangsel geskeur en die Gees van die Koning 24/7 in ons woon, is 'n ontmoeting met die Koning oral en altyd moontlik sonder die bemiddeling van enige ander mense. Nou kan almal altyd voor die Troon boer en deurlopend die teenwoordigheid en beskerming van die Koning geniet.



As jy dink en optree asof God nie teenwoordig is wanneer jy boer, ontspan, grappe vertel of jou nege tiendes bestee nie, bevestig dit dat jy wel dink Hy bly in die kerkgebou agter wanneer jy ná die erediens vertrek. Dáár bly Hy veilig in huisarres, uit die gemeenskap verwyder terwyl Hy rustig op jou volgende besoek wag. **Neem asseblief vandag nog afskeid van die idee dat die belangrikste godsdienstige aktiwiteit waarby jy betrokke móét wees, of die enigste waarby jy betrokke hóéf te wees, 'n besoek aan die huis van die Here is.**

Wat is belangriker? Luister wat sê die Koning:

† Wat doen mense wat Hom lief het? Lees Johannes 14:15 en 21, asook 23.

.....

.....

† Watter opdrag gee Hy aan ons? Lees Johannes 17:18.

.....

.....

† Wat is die toets vir ware godsdiens? Is dit die spesifieke tyd en plek waar dit beoefen word? Of is dit Christene se lewe en die verskil wat hulle in die wêreld maak? Lees Jakobus 1:22-27.

.....

.....

Dis belangrik vir gelowiges om saam na die Woord van die Here te luister en saam te bid. Maar dis veral belangrik om die Koning te gehoorsaam en 'n verskil in die wêreld te gaan maak. Dis belangrik om met jou hele lewe te wys dat God nie onder huisarres in kerke toegesluit



is nie, maar dat Hy as Koning in jou leef en regeer en dus oral en altyd teenwoordig is. **Hoe kan Hy buite regeer as Hy binne toegesluit word?**

As jy die kerkgebou as die *huis van die Here* beskou, is j^ou God se teenwoordigheid en invloed waarskynlik beperk tot die kerkgebou en die godsdienstige aktiwiteite wat op die kerkterrein plaasvind. As dit waar is, is Hy nie die ware God nie, maar 'n afgod. Die Koning van die Koninkryk laat Hom nie deur mense in huisarres plaas nie.

As die meerderheid van jou tyd, geld en energie in en rondom die kerk spandeer word, het die kerkgebou, soos die tempel in die eerste eeu na Christus, inderdaad weer 'n struikelblok vir die koms van die Koninkryk geword. Vir die Koninkryk om te kom, moet Christene juis die gesag en Heerskap van die Koning op elke plek proklameer, nie net in die kerk nie.

Dink jy net kerk, of dink jy Koninkryk?

Gebedsopdrag:

- † Bid teen die neiging om God se invloed in die samelewing te beperk deur Hom uit die gemeenskap te verwyder en onder huisarres in kerkgeboue te plaas.
- † Bid dat die hele landbougemeenskap met die hart sal glo, met die mond sal bely en met daede sal bewys dat Christus hulle Here en Koning is.
- † Bid dat Christene bevry sal word van die onbybelse siening dat kerkgeboue die huis van die Here is, aangesien di^e opvatting 'n groot struikelblok vir die koms van die Koninkryk is.

Dag 5

Die Koninkryk is nie plekgebonde nie

Dit is tyd om kaalvoet te boer. Terwyl Moses besig was om te boer, het hy 'n baie vreemde ding gesien. Hy het die skaap wat hy opgepas het 'n oomblik gelos om nader ondersoek te gaan instel. Toe roep God uit die brandende bos na hom en sê: *Moenie n^og nader kom nie. Trek uit jou skoene, want die plek waarop jy staan, is gewyde grond.* Op di^e stukkie heilige aarde het toe 'n ontmoeting en gesprek tussen God en



Moses plaasgevind (Eksodus 3:1-7). Dit was God se teenwoordigheid wat die grond heilig gemaak het. Daarom was die Tent van Ontmoeting en later ook die Tempel, veral die plek waar die Verbondsark gestaan het, heilig. Trouens, dit is die *Allerheiligste* genoem. God was dáár teenwoordig!

In aansluiting by die vorige gedeelte, is daar vandag nog baie mense wat dink en glo dat God net, of dan ten minste op 'n baie spesiale manier in kerkgeboue teenwoordig is. Hulle is immers oortuig dis die *huis van die Here*. Dis heilige grond! Daarom mag jy, uit respek vir God se teenwoordigheid, sekere goed nie in die kerkgebou doen nie. Dáár rook jy nie. Dáár vloek jy nie, trouens jy praat nie eers hard nie. Dáár trek jy netjies aan en dáár sing jy net sekere liedere uit 'n sekere tradisie met begeleiding van net sekere instrumente wat as heilig beskou word.

As jy nog dink en glo dat God op 'n besondere manier net op sekere spesiale aanbiddingsplekke teenwoordig is, het jy 'n groot en belangrike deel van die goeie nuus van die Koninkryk gemis. Sedert die tyd van die Ou Testament met sy beperkte plekke van aanbidding waar God ontmoet kon word, het daar ingrypende dinge gebeur: Die Koning is gebore!

Luister wat sê die Koning in sy Woord:

† Wat word die Koning genoem en wat beteken dié naam? Lees Matteus 1:23.

.....

.....

† Wat het die Koning gedoen? Wat het Hy alles met God versoen? Lees Kolossense 1:19-20.

.....

.....



† *Waar en wanneer kan die Koning se onderdane nou sy teenwoordigheid geniet? Lees Matteus 18:20 en Matteus 28:18-20, asook Jakobus 4:8a.*

.....

† *Wat leer jy uit Johannes 2:19-24? Hou die Koning daarvan dat mense Hom net op spesifieke plekke aanbid en vereer?*

.....

In die Koninkryk leef ek en jy nie van ontmoeting tot ontmoeting met die Koning en dit net op spesiale plekke nie. Ons leef in 'n permanente verhouding met die Koning. **Ons leef oral en altyd in sy teenwoordigheid op heilige grond.** As ek dus die verhaal van Eksodus 3 as beeld mag gebruik: Ek en jy behoort altyd kaalvoet te leef en te boer.

Die Koning het meestal mense nie in die tempel of sinagoges geleer nie. **Hy het hulle ontmoet waar hulle gebly, geleef en gewerk het:** In huise en tuine; langs die pad en onder bome; teen randjies en op die strand; in begraafplase en vissersbootjies. As jy verwag dat die Koning net in die kerk met jou sal praat, gaan jy 90% van wat Hy vir jou wil sê, mis. Hy praat enige tyd op enige plek oor alle sake op baie verskillende maniere – meestal natuurlik deur sy Woord. Hy is immers die Koning. Deur dit wat Hy aan die kruis gedoen het, het Hy immers alle plekke geheilig. Alle grond is nou weer heilige grond omdat Jesus alles met God versoen het en omdat Hy Immanuel is – God met ons! Sy teenwoordigheid maak elke plek heilig – jou veekrale, mielielande, piesangplantasies, vrugteboorde en wingerde, jou huis en jou voertuig. As jy dit besef, is die tafel gedek vir die koms van die Koninkryk in die landbou.

Gebedsopdrag:

† Bid dat landbouers 24/7 in verhouding met die Koning sal leef en boer - bewus daarvan dat Hy altyd oral teenwoordig is.



Dag 6

Die Koninkryk lê en wag nie êrens in die verre toekoms nie

Suid-Afrika het die voorreg gehad om gasheer van die 2010-Sokker Wêreldbeker te wees. Die Sokker Wêreldbeker is egter altyd van só 'n enorme omvang dat 'n land nie sommer oornag kan gereedmaak om gasheer te wees nie. Daarom word die gasheerland gewoonlik ten minste ses jaar voor die tyd aangewys. Só was dit ook met Suid-Afrika. Die oomblik toe die bod in 2004 op Suid-Afrika toegeslaan is, het dit alles in die land begin beïnvloed. Dit het letterlik vanuit die toekoms ingebreek in die hede. Dit het alles begin beïnvloed:

- Beplannings- en begrotings-gesprekke aan 'n breë front
- Die land se infrastruktuur-ontwikkeling
- Buitelandse beleggings
- Veiligheid en sekuriteit
- Werkskepping en entrepreneurs-projekte
- Die toerisme- en tekstielbedryf
- Die advertensiebedryf en reklameborde
- Skool- en universiteitsvakansies
- Die storielyn van sepies op nasionale televisie
- Daaglikse gesprekke van gewone burgers
- Die drome van jong sportmanne
- Ensovoorts

Die dae is afgetel ... 365... 364 ... 363 ... Alles het uitgeroep: **Hier kom iets van baie groot belang vir almal!** Op grond van die amptelike aankondiging, is dit vas en seker – dit gaan beslis gebeur!

Die amptelike en onherroeplike aankondiging in 2004 en die werklike gebeurtenis in 2010 het dus vanuit die **verlede** en die **toekoms** 'n allesomvattende invloed op die **hede** (jare tussen 2004 en 2010) uitgeoefen. Maar die 2010-Sokker Wêreldbeker het gekom en gegaan. Mettertyd sal dit net onthou word as nog één van vele groot sportgeleenthede in die geskiedenis. Die opgewondenheid daaroor en die invloed daarvan was van verbygaande aard.

Maar meer as 2000 jaar gelede het God self 'n amptelike en onherroeplike aankondiging gemaak. **Dié aankondiging het Hy deur sy Seun gedoen!**



Met die koms van Jesus, die Messias-Koning ongeveer 2000 jaar gelede, het die **toekomstige** werklikheid van God se Koninkryk in die hede ingebreek en in baie opsigte **nou reeds** 'n werklikheid geword.

Luister wat sê die Koning in sy Woord:

† *Hoe word Jesus in Lukas 1:31-33 beskryf?*

.....

† *Hoe word die toekoms in 1 Korintiërs 15:24-28 beskryf?*

.....

† *Wat doen Jesus nou volgens 1 Korintiërs 15:25 en Openbaring 17:14?*

.....

Op grond van Koning Jesus se eerste koms en in afwagting op sy wederkoms, breek die Koninkryk van God daagliks in die hede in. Hy heers nou reeds as Koning. Hy het reeds die wêreld oorwin (Johannes 16:33). Hy het reeds klaargespeel met die duiwel (Hebreërs 2:14) en uit die dood opgestaan (1 Korintiërs 15:20). Hy bepaal reeds die verloop van die wêreldgeskiedenis (Openbaring 5:5). Daar is geen rede vir pessimisme nie. Al is die stryd dikwels nog hewig, die eindtelling is reeds bekend: Die Koning het gewen! Die Koning hou aan wen! Die Koning sal wen! Hy is die Oorwinnaar tot in ewigheid.

Juig my vriend, juig! Skep moed! Daar is 'n goeie en magtige Koning op die troon. Laat Hom ook as Koning in jou lewe regeer, dan is jy veilig. Laat Hy jou hele lewe beïnvloed, net soos die Sokker Wêreldbeker alles in die land beïnvloed het. Dan kom sy Koninkryk in jou lewe.

Gebedsopdrag:

† Dank die Here vir die koms van sy Koninkryk.



- † Bid dat die teenwoordigheid van die Koning en sy Koninkryk landbouers se hele lewe sal beïnvloed: hulle verhouding met God, mense en die skepping.

Dag 7

Die Koninkryk is nie tydgebonde nie

Die Koninkryk van God het nie eers met die koms van Jesus ontstaan nie. **God se Koninkryk was, is en sal tot in ewigheid wees** (Psalm 145:13 en Daniël 2:44, asook Openbaring 11:15). Dis nie van verbygaande aard soos die Sokker Wêreldbeker nie. Dis nie iets waarvan die invloed mettertyd gaan verdwyn nie. Beslis nie! Inteendeel, die Koninkryk van God is onstuitbaar in sy triomftog (Kolossense 2:15 en 1 Petrus 3:19, asook 2 Korintiërs 2:14). Dit gaan van krag tot krag (Jesaja 9:5-6)! Soos suurdeeg mettertyd die hele deeg deursuur, so werk die invloed van die Koninkryk deur tot alles en almal waarmee dit in aanraking kom (Matteus 13:33). Die Koninkryk kom! Niks en niemand kan dit keer nie.

Luister na die Woord van die Koning:

- † *Wat sê Dawid? Hoe lank duur God se Koninkryk? (Psalm 145:13)*

.....

- † *En wat sê Daniël? Hoe lank duur God se Koninkryk? (Daniël 2:44)*

.....

- † *Wat het die stemme in die hemel uitgeroep? Hoe lank duur die Koninkryk? (Openbaring 11:15)*

.....

- † *Wat is kenmerkend van hierdie Koninkryk? (Jesaja 9:5-6)*

.....



Jy hoef regtig nie bang te wees dat jy een oggend sal wakker word en hoor dat daar 'n staatsgreep was en dat ons wonderlike Koning nie meer regeer nie. Lande wat die wêreld oorheers kom en gaan. Presidente kom en gaan. Politieke partye kom en gaan. Beleidsrigtings kom en gaan. Maar deur alles heen bly die Koning, óns Koning op die troon. Kom, Afrika! Kom, alle landbou-gemeenskappe, skep moed! Die Koninkryk van God het gekom, en kom nog elke dag! Wees positief en opgewonde. Slaan jou hand aan die ploeg en moenie omkyk nie (Lukas 9:62)!

Gebedsopdrag:

- † Dank die Here dat Hy vir Ewig op die troon sit en dat Hy volledige beheer oor sy Koninkryk het.
- † Bid dat die landbougemeenskap, ten spyte van politieke omstandighede en/of klimaatstoestande, positief en met hoop sal boer.

Dag 8

Die Koninkryk hang nie in die lug nie

Hoe sal jy j^ó ideale boerdery beskryf? Wat is jou begeerte?

.....

Ek wil baie graag hê ons boerdery moet **hemel-op-aarde** wees. Kom ek verduidelik waarom dit my begeerte is.

Dikwels is die kerk se enigste fokus om mense van hierdie aarde af in die hemel te probeer kry. Die klem lê dus net op die verlossing van *siele*. (Dikwels nie eers die verlossing van mense nie.) Jesus word net as **Verlosser** verkondig. Onbewustelik begin mense glo dat dit eintlik net oor die hemel gaan. *Jy moet Jesus nou aanneem sodat jou siel, wanneer jy dalk onverwags sterf, nie verlore is nie, maar hemel toe kan gaan. Hierdie lewe en hierdie aarde is niks. Dis onbelangrik en minderwaardig.*

Ek dink die opvatting dat dit net oor die hemel en nie ook oor die aarde nie gaan, is die belangrikste rede waarom die kerk en die wêreld lyk soos hulle lyk. Dis waarom die meerderheid kerke onbetrokke is by



ekologiese vraagstukke. Dis waarom Afrika ten spyte van baie kerke en miljoene wat hulleself Christene noem, steeds gekenmerk word deur armoede; siektes; hongersnood en skadelike landboupraktyke; korrupsie; konflik; werkloosheid en werkskuheid.

Moet die kerk se fokus nie ook wees om iets van die hemel aarde toe te bring nie?

Luister wat sê die Koning in sy Woord:

† Lees Matteus 6:10. Waar is die fokus?

.....

† Is die aarde vir God belangrik? Wat gaan Hy volgens Romeine 8:20-21 met die skepping doen en wat gaan Hy volgens Openbaring 11:18 doen met die mense wat die aarde vernietig?

.....

.....

Dis my en jou taak (én die taak van die Kerk) om seker te maak dat iets van die hemel **nou reeds** hier op aarde sigbaar word. Ons moet Jesus ook as HERE en Koning aan mense verkondig. Hy moet regeer en sy wil moet hier en nou op die aarde gedoen word. God het immers hierdie wêreld lief en daarom het die Koning aarde toe gekom.

Hemel-op-aarde-boerdery beteken dus:

- om ***hier en nou***
- as verlose landbouer,
- die gesag van die Koning oor my lewe en boerdery te aanvaar
- en daarom in my boerdery sý wil só te gehoorsaam soos wat sy wil reeds in die hemel gehoorsaam word.

Wanneer dit gebeur, kom die Koninkryk. Die Koninkryk hang dus nie in die lug nie. Dit moet op aarde gevestig word deurdat ek en jy hier en nou God se wil 24/7 gehoorsaam. Ook op die plaas moet jy doen wat



Hy sê. Mense moet, wanneer hulle na jou boerdery kyk, reeds hier op aarde iets van die hemel sien.

As jy dus dink die Koninkryk is “*a pie in the sky when you die*” slaan jy die bal ver mis. Hoe meer ek en jy God hier en nou gehoorsaam, hoe duideliker word sy Koninkryk hier en nou in die landbou sigbaar.

Gebedsopdrag:

- † Bid oor sake waarin God se wil nog nie volledig geskied soos in die hemel nie. Gee jou eie wil prys en vra dat God sy wil sal openbaar en dat jy bereid sal wees om dit te doen.
- † Bid oor spesifieke landbouvraagstukke soos grondhervorming, voedselsekerheid, volhoubare landbou-metodes, ensovoorts.

Dag 9

Die Koninkryk van God stel jou voor 'n keuse

Die Koninkryk van God is 'n **ewige** Koninkryk. Dit was en dit is en dit sal kom (verlede, hede en toekoms)! Van ewigheid tot ewigheid is God die Koning. Tog kan ons sy heerskappy in vier tydperke verdeel:

- Die tyd toe daar geen opstand teen God se Koningskap was nie;
- Die tyd nadat Satan en 'n derde van die engele in opstand gekom het en ook die mens verlei het om hom teen God te verset (Judas 6 en Openbaring 12:4);
- Die tyd sedert Jesus se koms en sy oorwinning oor die bose magte (Kolossense 2:15; Hebreërs 2:14-15; 1 Johannes 3:8; Openbaring 12:7-9). [Onthou, die oorlog is gewen, maar individuele veldslae kan nog verloor word. Daarom moet jy steeds die wapenrusting aantrek.];
- Die tyd na die wederkoms wanneer God se Koningskap weer onbestrede sal wees.
 - 1 Korintiërs 15:24-28
 - Filippense 2:10-11
 - 2 Tessalonisense 2:8
 - Openbaring 21:1-8

In die Ou en Nuwe Testament lees ons van die **algemene** en die **spesifieke** (besondere) heerskappy van God, alhoewel hierdie spesifieke woorde nie gebruik word nie. Hoewel God in die algemeen oor die ganse skepping heers, regeer Hy tog op 'n besondere manier in die lewe van sý volk, sý kerk en sý kinders. Deur Hom van harte te gehoorsaam,



wys hulle dat hulle sy koningskap erken en aanvaar. Maar alle mense aanvaar nie sy koningskap nie. Die wêreld is voortdurend in opstand daarteen. Daarom lyk die aarde nog nie soos die hemel nie.

Of mense die koningskap van God aanvaar of nie - met die **koms van die Koning** (Jesus) na hierdie wêreld het die **Koninkryk aangebreek** – letterlik vanuit die verlede en die toekoms in die hede ingebreek (soos die Sokker Wêreldbeker). Die **eendag** van die finale Koninkryk het **nou reeds** 'n werklikheid begin word. Die koms van die Koning is die belangrikste draaipunt in die wêreld-geskiedenis.

- Met sy koms het die tyd aangebreek vir die volle openbaring van God se koninklike mag en majesteit.
- Met sy koms het die tyd aangebreek vir die verlossing en bevryding van God se skepping en sy kinders;
- Met sy koms het die tyd aangebreek vir God se oordeel oor al sy vyande.

Daarom stel die koms van Jesus en sy Koninkryk alle mense voor 'n beslissing. Aanvaar hulle sy koningskap, of kom hulle ook soos die duiwel in opstand daarteen? **Almal moet kies – vir of teen Hom!** Wie vir Hom kies en in Hom glo, word nie veroordeel nie. Hulle het *klaar* vanuit die dood oorgegaan in die ewige lewe. Wie nie glo nie, is egter *reeds* veroordeel omdat hulle nie glo nie.

Luister na die Woord van die Koning:

† Toe Johannes die Doper begin preek het, waarom het hy gepraat en wat het hy gesê moet die mense doen? (Matteus 3:1-2)

.....

† Toe Jesus begin preek het, waarom het Hy gepraat en wat het Hy gesê moet die mense doen? (Matteus 4:17 en Markus 1:14-15)

.....



† *Voor watter keuse stel Jesus se koms alle mense?*
(Johannes 1:11-13 en 3:16-21, asook 3:36)

.....

† *Hoeveel koninkryke is daar? Hoeveel keuses is daar?* (Lukas 11:23 en Kolossense 1:12-14)

.....

Het jy reeds die regte keuse gemaak?

Gebedsopdrag:

- † Bid dat elke landbouer (vrouens en kinders ingesluit) 'n keuse vir Christus sal maak.
- † Bid dat hulle Hom nie net as Verlosser sal aanneem nie, maar Hom ook as Koning sal eer en 24/7 gehoorsaam (24 uur van elke dag - 7 dae van elke week).

Dag 10
Die Koninkryk is nie net 'n pastoor- of
dominee-besigheid nie

Wanneer die Romeine 'n ander land (koninkryk) verower het, het die Romeinse keiser mense wat hy goed geken en heeltemal vertrou het, in 'n bepaalde amp met 'n spesifieke opdrag aangestel. Hy het hulle uitgestuur om die mense van daardie land te oortuig dat dit vir hulle baie voordele sal inhou om hulle aan die Keiser te onderwerp en die gesag van die Romeinse owerheid te aanvaar. Hulle moes óók deur hulle voorbeeld vir mense wys hoe Romeinse burgers veronderstel is om te leef. Die mense wat die Keiser vir dié doel uitgestuur het, is **apostels** genoem. Hulle was gestuurdes namens die hoogste gesag in die Romeinse Ryk. *Die woord apostel hou dus ten nouste verband met die boodskap van 'n nuwe koninkryk wat baie voordele vir al sy burgers inhou.*



Wanneer Jesus 'n beskrywende naam vir sy eerste dissipels moet kies, gebruik Hy nie 'n godsdienstige begrip uit die Ou Testament nie. Hy gebruik die woord “*apostolos*” wat deur die Romeine gebruik is, soos hierbo verduidelik. Teen hierdie agtergrond verstaan ons die amp, maar ook die taak van die apostels in die Bybel baie beter. Hulle moes die boodskap van die Koninkryk van God verkondig en die lewenstyl van die Koninkryk verduidelik. Terselfdertyd moes hulle vir almal wat die boodskap van die Koninkryk geglo en aanvaar het, die praktiese voorbeeld stel hoe om as burgers van die nuwe Koninkryk te lewe.

Hoewel alle Christene nie die amp van Apostel (soos na verwys in Efesiërs 4:11 en 1 Korintiërs 12:28) beklee nie, het **almal 'n apostoliese roeping en opdrag. Almal is gestuurdes!** In Johannes 17:18 word die Griekse woord “*apostello*” twee keer gebruik. Dit word met “*gestuur*” vertaal. Soos wat God die Vader vir Jesus gestuur het om die Koninkryk van God te verkondig, só stuur Jesus ons om vir die wêreld te vertel van die voordele wat sy Koninkryk vir hulle inhou. Dat God almal wat die Evangelie glo se sonde vergewe, hulle uit die mag van die duisternis ruk en onder die heerskappy van sy Seun plaas, is immers baie goeie nuus (Kolossense 1:13-14).

Jesus het gekom, en deur sy sterwe en opstanding het Hy die Koninkryk van die Duisternis (KvD) oorwin en die Koninkryk van God kom vestig. Die burgers van die Koninkryk van die Duisternis (KvD) klou egter vir al wat hul werd is vas aan die ou koninkryk waaraan hulle so gewoond geraak het. Hulle sukkel om te glo dat die Koninkryk van God vir hulle net voordele inhou. Daarom het Jesus my en jou as sy apostels *ge-apostello* (Johannes 17:18 = as sy gestuurdes gestuur) om hulle:

- namens Hom
- te gaan oortuig van die voordele van God se Koninkryk
- en 'n beroep op hulle te doen om hulle rug op die KvD te draai
- en deel te word van God se Koninkryk – sy eie mense
(Handelinge 26:18).

Luister na die Woord van die Koning:

† *Wat het Jesus die eerste 12 dissipels genoem? (Markus 3:14)*

.....



† Wat het Jesus gesê moet hulle gaan doen en waarmee het Hy hulle toegerus? (Lukas 9:1-2)

.....

† Wat doen die Koning in Johannes 17:18?

.....

Ek en jy het 'n dubbele roeping: ***The demonstration of our proclamation.*** Dit is my en jou taak om mense te oortuig van die voordele wat God se Koninkryk vir hulle inhou. Ons woorde sal mense egter net oortuig as ons lewe dieselfde boodskap demonstreer. Mense wil sien watter voordele die Koninkryk van God vir hulle inhou, hulle wil dit nie net hoor nie.

Gebedsopdrag:

- † Bid dat elke Christen in die landbou sal verstaan dat hy of sy geroep is om 'n apostoliese boer ('n gestuurde boer) te wees.
- † Bid dat alle Christen-landbouers die nuwe lewenstyl in die Koninkryk van God so oortuigend sal demonstreer dat ander hulle voorbeeld sal navolg.

Dag 11

Jy kan weer namens die Koning heers

God het Adam en Eva baie spesiaal gemaak. Hy het hulle byna net soos Hyself gemaak, want Hy wou hê dat hulle Hom op die *plaas*, Paradys, moes verteenwoordig. Daarom het Hy dié stukkies aarde destyds met wysheid en sorg geskep en dit gereed gemaak - vir hulle om dáár te bly. Sy oorspronklike bedoeling was dat hulle dit moes bewerk en met net soveel liefde oppas as waarmee Hy dit vir hulle gemaak het. Hyself sou altyd daar wees sodat hulle enige tyd oor enige iets met Hom kon praat. Hy sou hulle deurentyd raad gee en sê wat om te doen. Algaande sou hulle die volle potensiaal van alles wat Hy geskep het, ontdek en leer hoe om dit tot sy eer te gebruik. Hulle sou in



'n volmaakte verhouding met God, mekaar en die grond geleef het. Hulle sou vir Hom werk en dit sou baie lekker wees om daagliks aan Hom verslag te doen oor alles wat hulle namens Hom gedoen het. Hulle sou nie werk om aan die lewe te bly nie. Nee, glad nie. Hulle sou lewe omdat God sý asem in hulle geblaas het en vir hulle gesorg het met 'n paradys vol heerlike, voedsame sade van plante en vrugte van bome (Genesis 1:29). Deur te werk sou hulle oor die aarde heers. Hulle werk sou ook wys hoe opreg dankbaar hulle was vir die voorreg om God te verteenwoordig. Dit sou dié manier wees waarop hulle lof en eer aan Hom gebring het. Hulle werk sou ook hulle aanbidding wees! [Die Hebreeuse woord *avodah* word in die Bybel vir beide *werk* en *aanbidding* gebruik. Soms word dit met *diens* vertaal. Werk is niks anders as *Godsdienst* nie!] God se hart vir hulle was 'n paradys-lewe en 'n paradys-boerdery, of in die woorde van vroeër, 'n hemel-op-aarde-boerdery.

Dit is ook God se hartsbegeerte vir jou!

Maar nou ja, soos jy weet het dinge intussen lelik skeefgeloop. Adam en Eva het gedink hulle weet beter en het toe die verkeerde besluit geneem. [Ja, hulle kon *dink en self besluite neem*, want God het hulle mos byna soos Hyself gemaak. Hy het hulle na sy eie beeld geskep.] Die gevolg van hulle ongehoorsaamheid was dat hulle verhouding met mekaar, met God en met die res van die skepping aan skerwe gespat het (Genesis 3 en 4). Hulle het mekaar beskuldig en hulle kinders het mekaar begin doodmaak. Die paradys het vol dorings geword en hulle lywe nat van die sweet. Pyn het 'n daaglikse ervaring geword. Die ganse skepping het die littekens van sonde begin dra. Aanbidding het plek gemaak vir vrees – en die mens het vir God probeer wegkruip. Adam en Eva het die mens se gesag en heerskappy oor die skepping weggegee. Hulle het dit aan die duiwel oorgegee (Lukas 4:6)! Die dood, in plaas van die lewe, het die laaste sê gekry.

Maar dit is nie wat God wil hê nie – ook nie vir jou nie!

Daarom het God tóé reeds gesê dat daar 'n dag sal kom dat Hy iets gaan doen om sy oorspronklike doel met die mens, ook met jou te bereik (Genesis 3:15). En dit het Hy reeds gedoen! Hy het 'n ander Adam gestuur, sy eie Seun Jesus (1 Korintiërs 15:45). Hý het die Satan oorwin – sy kop vermorsel! Ons weet dat die ongehoorsaamheid van die eerste Adam ons geestelike dood tot gevolg gehad het en daarom het ons almal sondaars geword. God sê dat ons net so seker kan wees van die



gevolge wat die gehoorsaamheid van die tweede Adam het. Op grond daarvan kry ons weer die lewe wat ons verloor het terug en word ons heeltemal vrygespreek van alle sonde (Romeine 5:12-21). Op grond van wat Christus, die tweede Adam gedoen het, het God my en jou verhouding met Homself, met mense en met die skepping herstel. Christus het die Bose oorwin en Hy skenk sy oorwinning ook aan ons. In en deur ons eenheid met die tweede Adam kry ek en jy nou weer die geleentheid om as verteenwoordigers van die Koning te leef en te boer!

Met die koms van die tweede Adam, die Kind wat gebore is, Jesus Christus die HERE, het die Koninkryk binne ons bereik gekom.

Luister na die Woord van die Koning:

† Wat het God in Genesis 3:15 belowe?

.....

† Hoe het God dit gedoen? Wie het Hy gestuur? Wat beteken dit vir jou? Lees Romeine 5:12-21.

.....

.....

† Wie het die duiwel oorwin en die dood vernietig? (Hebreërs 2:14-15 en Openbaring 1:17-18)

.....

Jy moet namens Christus as koning oor jou grondgebied heers. Jy moet sy Koningskap dáár proklameer. Maar jy moet ook oor alle sonde heers. Daarom mag jy nie weer na die duiwel luister asof hy enige seggenskap het nie, want sy seggenskap is verbreek. Luister na die Koning en gehoorsaam Hom.

Gebedsopdrag:

† Bid dat landbouers weer God se opdrag in Genesis 1:28 sal verstaan en gehoorsaam.



- † Bid dat God se kinders hulle roeping om sy koningskap in die landbou te proklameer sal verstaan en uitleef.
- † Bid dat God se Koninkryk in die landbou sal kom. Bid dat landbouers Hom as Koning sal erken, aanvaar en gehoorsaam.

Dag 12

Wat is die oortuigings in jou hart?

Die oortuigings in jou hart bepaal jou hele lewe (Spreuke 4:23). Dit bepaal ook hoe jy die saad van die Koninkryk in jou hart gaan ontvang. Gaan die saad wortelskiet en vrug dra omdat die oortuigings in jou hart waar en in lyn met die Woord is? Of gaan dit op die klippe en tussen die onkruid val omdat jou hart deur vals en verkeerde oortuigings verhard is?

Mag die Koning jou die afgelope paar dae deur sy Woord en Gees van die volgende oortuig het:

- 1 **Die Koninkryk kom!** Dis lewenskragtig soos saad wat ontkiem en groei. Die boom word al groter en die wortels al kragtiger. Dit breek die sement-paadjies om die huis, lig die fondasies, kraak die mure. Dit gebeur stadig maar die gevolg word by die dag duideliker. Net só is die Koning op 'n triomftog! Niks en niemand kan Hom oorwin of die koms van sy Koninkryk keer nie, selfs al probeer die wêreld voorgee dat Christene “losers” is! Kom, word deel van dié wenspan!
- 2 **Die Koninkryk is nie 'n terloopse saak nie!** Johannes die Doper, Jesus en Paulus se prediking was almal toegespits op die Koninkryk. Omdat dit vir hulle belangrik was om mense daarvoor te onderrig, moet dit vir my en jou belangrik wees om oor die Koninkryk onderrig te word. Dis nie sommer net nog 'n saak nie. Dis die hoofsaak, dié saak waarvoor alles gaan. Ek moedig jou aan: *The main thing is to keep the main thing the main thing!*
- 3 **Dit gaan alles oor die Koning.** As alles steeds oor jóúself, jóú bediening, jóú kerk, jóú boerdery en jóú eie belange gaan, sal die saad van die Koninkryk regtig sukkel om in jou hart wortel te skiet en vrug te dra. Êrens sal jy by die punt moet kom waar jy eerlik en opreg soos Johannes die Doper uitroep: *Hy moet in*



belangrikheid toeneem en ek moet afneem (Johannes 3:30 in die Nuwe Lewende Vertaling). Plaas die kroon op sý kop, waar dit hoort. En wees gewaarsku: Dis baie moeilik om geestelike hoogmoed en selfsug in jou eie lewe raak te sien.

- 4 **Jy kan die Koning nie in huisarres plaas nie!** *"Is Ek miskien 'n God wat net op een plek is?" vra die HERE? "Dink hulle Ek sien nie wat hulle doen nie? Dink enigiemand hulle kan vir my wegkruip en Ek sal hulle nie sien nie?" vra die HERE* (Jeremia 23:23-24 in die Nuwe Lewende Vertaling). Jy kan nie vir God wegkruip nie. Maar moet ook nie dink jy kan Hom in kerkgeboue wegsteek (toesluit) sodat Hy jou nie kan sien nie. As jy Hom binne kan toesluit sodat Hy nie buite kan regeer nie, was en is Hy nie die Koning nie – net maar 'n afgodjie.
- 5 **Die Koninkryk is nie plekgebonde nie.** Christus het my en jou grond met God versoen. Deur as Immanuel self op hierdie aarde te kom loop het Hy die grond waarop ons leef en boer, geheilig. Ons is nou oral in sy direkte teenwoordigheid. Dis tyd om kaalvoet te boer! Moenie sonde op heilige grond doen nie. Sy Koninkryk kom oral waar ons sy wil gehoorsaam en sy Naam eer. *Wandel met God, moenie net dan en wan by sy voete gaan sit nie.*
- 6 **Die Koninkryk lê en wag nie êrens in die verre toekoms nie.** Die Koninkryk is hier. Die Koning is gebore! Die Koning kom weer! Die verlede en die toekoms verander alles in die hede. Jy kan nou reeds baie voordele van die Koninkryk by jou op jou plaas en in jou boerdery geniet. Doen dit!
- 7 **Die Koninkryk is nie tydgebonde nie.** Dis nie van verbygaande aard nie. Alles stuur nie af op chaos en ellende nie. Die slegte goed wat ons nou sien, is slegs geboortepyne – dit kondig die koms van nuwe lewe aan. Dis die begin van die nuwe begin! Die Koninkryk is ewig! Sý Koninkryk is al koninkryk wat gaan oorbly – een van die dae gaan die res vernietig word. Moenie dat die dinge wat jy sien, jou mismoedig maak nie – staan regop en tel jou kop op (Lukas 21:25-28).
- 8 **Die Koninkryk hang nie in die lug nie.** Waar en wanneer mense nou reeds God se wil gehoorsaam, dáár kom sy Koninkryk nou



reeds op aarde. Dit is binne jou bereik om *hemel-op-aarde* in jou boerdery te begin beleef. Hoe meer jy Hom gehoorsaam, hoe meer gaan jy dit beleef.

- 9 **Die Koninkryk van God stel jou voor 'n keuse.** As jy nou reeds jou knie voor die Koning buig, begin Hy jou hele lewe verander. Dan sal jy nie êrens in die toekoms gedwing word om dit, saam met almal wat nou nog onwillig is, te doen nie (Filippense 2:9-11). Maak asseblief die regte keuse. Kies die Koning en sy Koninkryk.
- 10 **Die Koninkryk is nie net 'n pastoor- of dominee-besigheid nie.** Jy is 'n gestuurde boer, 'n apostoliese landbouer of werker. Gaan vertel vir almal van die wonderlike Koning en die voordele van sy Koninkryk. Verduidelik en demonstreer die lewe in God se Koninkryk. Toe, roer jou – die Koning het jou gestuur.
- 11 **Jy kan weer namens die Koning heers.** Die Koning heers nie alleen nie. Hy doen nie alles self nie. Hy het my en jou weer in ons oorspronklike posisie herstel. Nou kan en móét ons weer as sy verteenwoordigers namens Hom oor die aarde regeer (vgl. Hebreërs 2:8). Deur Hom het ons ons koningskap teruggekry. Wat 'n voorreg om as koninkie namens die Koning op die stukkie aarde te heers wat Hy aan my en jou gegee het om op te boer. As jy jouself nie as koning sien wat namens die Koning moet heers nie, sal die Koninkryk maar sukkel om te kom waar jy leef en boer.

Gebedsopdrag:

- † Bid dat die *Gees* en die *Woord* hierdie 11 stellings een vir een 'n vaste oortuiging in jou hart sal maak.
- † Bid dat dit ook die oortuiging van die hele landbougemeenskap in Afrika sal word, sodat die saad van die Koninkryk in Afrika op vrugbare grond kan val.



DEEL 2

Kernwaarhede oor die Koninkryk

Een van die heel bekendste tekste is seker Matteus 6:33.

Maar soek allereers die Koninkryk van God en sy geregtigheid en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word (1933-Vertaling).

Nee, beywer julle allereers vir die Koninkryk van God en vir die wil van God, dan sal Hy julle ook al hierdie dinge gee (1983-Vertaling).

Nee, maak die koningsheerskappy van God en dit wat voor Hom reg is, julle heel eerste prioriteit; dan sal God vir julle al hierdie ander dinge as bonus byvoeg (Nuwe Lewende Vertaling).

Die vraag is: Wát moet ek en jy allereers soek? Wanneer kom die Koninkryk? As wat gebeur, word die Koninkryk van God sigbaar?

Om jou te help om hierdie vrae te beantwoord en die opdrag in Matteus 6:33 uit te voer, verduidelik ek graag die Koninkryk aan die hand van vyf kernwaarhede. In die Koninkryk gaan dit oor:

- God as **Koning**;
- **Gehoorzaamheid** aan die **wil** van die Koning;
- **Oorwinning** van die Koning oor die Bose;
- **Herstel** wat die Koning bring;
- Die **Wederkoms** van die Koning.

Dag 13

In die Koninkryk gaan dit oor die Koning (1)

In die Koninkryk van God gaan dit veral oor die volgende vyf belangrike sake:

- God as **Koning**;
- **Gehoorzaamheid** aan die **wil** van die Koning;
- **Oorwinning** van die Koning oor die Bose;
- **Herstel** wat die Koning bring;



- Die **Wederkoms** van die Koning.
[Ek gaan dit dikwels herhaal sodat jy dit kan onthou.]

In die eerste plek gaan dit oor **GOD as KONING**.

God is Koning. Jesus is die HERE. In die Koninkryk openbaar God Homself as die Skepper en Verlosser van die ganse skepping, nie net die mens nie. In die Koninkryk openbaar Hy sy mag en heerskappy. Dit gaan oor God se ewigdurende krag; sy wysheid en voortreflikheid; sy fantastiese aard en karakter; sy onveranderlike, goeie en mooi eienskappe. God is méér as wat woorde kan sê, daarom openbaar Hy Homself op 'n besondere manier aan Moses.

Laat die Koning self aan die Woord kom:

† *Wie, sê God, wie is Hy? Lees Eksodus 3:14.*

.....
(Hy is dus méér as enige een van die eienskappe wat jy kan opnoem.)

† *Wat het Jesus volgens Johannes 1:18, Kolossense 1:15a en Hebreërs 1:3a kom doen?*

.....
† *Het God die Vader 'n ander karakter en ander eienskappe as Jesus? Lees Johannes 14:8-9.*

.....
Die Vader het nie ander eienskappe, óf 'n ander persoonlikheid en karakter as Jesus nie. Soos Jesus was en is en tot in ewigheid sal wees, net so is die Vader. Jesus het God op 'n manier aan ons kom openbaar wat nie met Woorde gesê kon word nie. In en deur Jesus kan ek en jy die Koning persoonlik leer ken en in 'n intieme verhouding met Hom leef.

Die Koning en sy Koninkryk kan nie van mekaar geskei word nie. Die Koninkryk is die Koninkryk omdat die Koning die Koning is. Niemand kan deel hê aan die Koninkryk van God sonder dat Jesus sy Koning is nie.



Die Koninkryk van God is dus nie net iets wat jy met jou verstand moet verstaan nie. Dis nie 'n teorie wat ek aan jou wil verduidelik nie. Dis in die eerste plek 'n **verhouding** waarin jy moet staan. Daarom het God nie net 'n boodskap ('n definisie van die Koninkryk) saam met engele van die hemel af gestuur nie. As Koning het Hy sêlf gekom, want die **verhouding** is vir Hom belangrik. Hy het Hom aan ons kom bekendstel, die **verhouding** tussen ons en Hom kom herstel (Romeine 5:1) en ons uitgenooi om elke dag in dié **verhouding** met Hom te leef (Johannes 15:1-8 en Galasiërs 2:19-20).

Die Koninkryk kom wanneer ek en jy in 'n **verhouding** met God staan en Hom voortdurend loof, eer en aanbid omdat Hy is Wie Hy sê Hy is: Die Koning.

Gebedsopdrag:

- † Bid vir die herstel van die landbougemeenskap se verhouding met God. Sê dankie dat Hy die inisiatief geneem het om jou verhouding met God te herstel.
- † Loof, eer en aanbid die Koning.

Dag 14

In die Koninkryk gaan dit oor gehoorsaamheid aan die Koning se wil (2)

In die Koninkryk van God gaan dit veral oor die volgende vyf belangrike sake:

- God as **Koning**;
- **Gehoorsaamheid** aan die Koning se **wil**;
- **Oorwinning** van die Koning oor die Bose;
- **Herstel** wat die Koning bring;
- Die **Wederkoms** van die Koning.

Tweedens gaan dit oor **GEHOORSAAMHEID AAN DIE KONING SE WIL**.

Jesus is die Here – Hy moet heers! Die Nuwe Testament verwys baie meer na Jesus as Here (The Lord) as wat Hy die Verlosser genoem word. Volgens Steve Murrell word Hy in Handeling slegs twee keer Verlosser genoem, maar 92 keer Here. In die NT word 24 keer na Hom verwys as Verlosser, maar 747 keer as Here (**Een tot Een – bl 14**). Of jy Jesus gaan gehoorsaam of nie, is nie 'n saak waarvoor jy self kan besluit nie.



Omdat Hy Here en Koning **IS**, móét Hy gehoorsaam word. Jesus vra self: *Watter sin het dit dat julle my aanspreek met 'Here, Here!' en nie doen wat Ek sê nie?*

Luister wat sê die Koning:

† Hoe behoort mense te reageer op die feit dat Jesus die Here en Koning is? Lees Matteus 7:21-23 en Lukas 6:46.

.....

† Wat sê die Koning, wat moet ons mense leer wanneer ons dissipels maak? (Matteus 28:20)

.....

† Wat is een van die vernaamste redes volgens Lukas 6:47-49 dat baie mense se lewens puinhope is en die wêreld lyk soos dit lyk?

.....

Die wêreld lyk soos dit lyk omdat ons nie mense reg van die begin af leer om die Koning te gehoorsaam nie. Daarom dink baie Christene hulle kan self besluit wanneer hulle wil doen wat God sê en wanneer nie. Hulle dink hulle weet beter as God. Hulle beskou sy opdragte net as aanbevelings. Dis ramspoedig. Dit ly spoedig tot groot rampe!

Mense is verwaand – hulle doen nie wat die Koning sê nie, maar dan gee hulle Hom die skuld vir die gemors wat hulle deur hulle eie dwaasheid en ongehoorsaamheid veroorsaak het (vgl. Spreuke 19:3). Wanneer jy jou nie aan die Koning steur nie, sal jy mettertyd agterkom hoe ramspoedig en bitter die gevolge van jou dwase keuse is (vgl. Jeremia 2:17-19). As jy daaraan dink Wie die Koning werklik is, aan al sy wonderlike eienskappe, is dit gewoon dwaas om nie na Hom te luister nie. Waarom wil jy jouself so benadeel en seermaak? Moet dit nie doen nie!



Waar die wil van die Koning egter gehoorsaam word, is dit hemel op aarde (Matteus 6:10). Dáár kom sy Koninkryk. Kom ek deel my praktiese ervaring met jou: Doen wat die Koning sê. Dan hoef jy jou nie oor die gevolge te bekommer nie. Los die gevolge rustig in sý hande. Hý sal verantwoorde-likheid daarvoor aanvaar en Hý sal sorg, want Hy is die Koning aan wie alle mag in die hemel en op aarde behoort. Hoe beter jy die Koning leer ken, hoe groter sal jou begeerte wees om te doen wat Hy sê.

Die Koninkryk kom wanneer jy erken dat die wil en begeerte van die Koning die beste ding op aarde is, en dan bid: *Gees van God, kom lê in my die begeerte om die wil van die Koning na die beste van my vermoë te doen, want sý wil is baie goed.*

Gebedsopdrag:

- † Bid dat almal verwonderd in aanbidding voor die Koning sal buig. Bid dat Hy as God erken en geëer sal word. Bid teen die gewoonte van baie om sy Naam as vloekwoord te gebruik.
- † Bid dat elke landbouer (werkgewers en werknemers; mans, vroue en kinders) die begeerte sal hê om die wil van die Koning te gehoorsaam.
- † Bid Jeremia 32:38-42 vir die landbougemeenskap.
- † Bid Matteus 6:9-10 vir jou gemeenskap.

Dag 15 **In die Koninkryk gaan dit oor** **die Koning se oorwinning oor die Bose (3)**

In die Koninkryk van God gaan dit veral oor die volgende vyf belangrike sake:

- God as **Koning**;
- **Gehoorsaamheid** aan die Koning se **wil**;
- **Oorwinning** van die Koning oor die Bose;
- **Herstel** wat die Koning bring;
- Die **Wederkoms** van die Koning.

In die derde plek gaan dit in die Koninkryk oor **DIE KONING SE OORWINNING OOR DIE BOSE** en alle chaos en destruktiewe magte.



Dit word bevestig deur Jesus se uitdrywing van duiwels en bese geeste; sy sondeloosheid; sy weiering om toe te gee aan die versoekings van Satan, asook sy opstanding uit die dood.

Luister wat sê die Woord van die Koning:

† Wat doen Jesus in Markus 1:23-27 en 34 en wat word daardeur bevestig?

.....

† Wat het Jesus deur sy sterwe en opstanding gedoen? Lees Hebreërs 2:14-15, asook Kolossense 2:14-15.

.....

† Wat het Jesus nie gedoen nie? (Johannes 8:46 en Hebreërs 4:15)

.....

† Waarom het Jesus, die Seun van God, volgens 1 Johannes 3:8b gekom?

.....

† Wat het Jesus in Matteus 4:1-11 gedoen en wat kan Hy daarom vir my en jou doen volgens Hebreërs 2:18 en 4:15-16?

.....

† Wat maak Jesus ons? Lees Romeine 8:37.

.....

In al hierdie oorwinnings het die Koninkryk van God gekom. Jesus het dit alles behaal op grond van sy gehoorsaamheid aan God (Filippense 2:8-11). Nou is dit my en jou verantwoordelikheid om die Koninkryk te laat kom deur self gehoorsaam te wees en só een na die ander oorwinning



te behaal. Die Koning maak ons gewillig en stel ons in staat om sy wil te doen (Filippense 2:12-13).

Die mens kry dit reg om droogtes en oorstromings te oorleef; ons slaag daarin om siektes te genees en stukkende goed heel te maak; ons oorwin struikelblokke en kommunikeer oor enorme afstande; ons verrig tegnologiese wonders en maak wetenskaplike deurbrake. Die prestasies van die mens is regtig indrukwekkend, MAAR ons kan onself nie beheer of verander nie. Die mens is sedeloos, roekeloos, bandeloos, liefdeloos en goddeloos – ja, sommer net boos.

Vir die Koninkryk om in jou lewe te kom, is die eerste oorwinning wat jy moet behaal, die **oorwinning oor jouself**. Jy moet jou selfsug en gierigheid oorwin; jou eiesinnigheid en betersweterigheid; jou humeur en skeltaal; jou bitterheid en die begeerte om wraak te neem; jou onwilligheid om te vergewe en vry te spreek; jou begeerte om op jÓú regte te staan maar nie altyd ander hulle regte te gun nie. Jy moet oorwinning kry oor sondige begeertes, gedagtes en gewoontes. Jy moet minderwaardigheid en verwaandheid oorwin. Die *eie-ek* móét in elkeen van ons se lewe oorwin word, sodat die Koning in ons lewe op die troon kan sit. Dit alles beteken ek en jy moet saam met Christus sterf om dood te wees vir die sonde. Dan kan ons saam met Hom oorwin deur uit die dood op te staan en vir God te leef (Romeine 6 en Galasiërs 2:19-20).

Roep die hulp van die Koning in wanneer jy sukkel om jouself te oorwin. Hy ís die Oorwinnaar wat jou in sy oorwinning laat deel en jou 'n oorwinnaar kan maak. Verwag alles van Hom!

Gebedsopdrag:

- † Loof en prys die Here Jesus vir sy bereidheid om tot die dood toe gehoorsaam te wees en só die oorwinning van alle oorwinnings in ons belang te behaal.
- † Dink terug aan elke oorwinning waarin Hy jou laat deel het. Dank Hom daarvoor.
- † Vra die Koning om jou en al jou personeel gehoorsaam aan Hom te maak sodat julle die duiwel, die wêreld en julle eie sondige natuur kan oorwin.



Dag 16

In die Koninkryk gaan dit oor die herstel wat die Koning bring (4)

In die Koninkryk van God gaan dit veral oor die volgende vyf belangrike sake:

- God as **Koning**;
- **Gehoorzaamheid** aan die Koning se **wil**;
- **Oorwinning** van die Koning oor die Bose;
- **Herstel** wat die Koning bring;
- Die **Wederkoms** van die Koning.

In die vierde plek gaan dit oor die **HERSTEL VAN DIE MENS EN DIE SKEPPING** in ooreenstemming met God se oorspronklike bedoeling.

Daarom het Jesus die **verhouding** tussen God en ALLES (nie net mense nie) wat Hy geskep het, kom herstel. In sy prediking het Jesus die herstel verkondig. Deur sy wonders het Hy die herstel gedemonstreer. In die Koninkryk sit Jesus dinge weer op hul regte plek. Hy maak heel wat sonde gebreek het. [Die finale herstel van alles vind egter eers met die wederkoms plaas.]

Luister wat sê die Koning in sy Woord:

† Wat het God volgens Kolossense 1:19-20 besluit en gedoen?

.....

Dit is die goeie nuus van die Koninkryk: Jesus het ons verhouding met God kom herstel. Ook die verhouding tussen ons grond en God. Ons kan dit maar net glo en daarvolgens begin lewe. Ek en jy hoef nie te werk en te presteer om guns by God te wen nie. Ons kan maar net glo dat Jesus die volmaakte verhouding wat Hy met God die Vader het, uit genade, verniet aan ons gee. Ons verhouding met God word dus deur geloof in Jesus herstel. Nie deur die onderhouding van die wet nie.

Luister wat sê die Koning in sy Woord:

† Hoe is die verhouding tussen ons en God herstel? Romeine 3:20-22 en 5:1.

.....



Wanneer jou verhouding met God herstel is, begin ander verhoudinge ook herstel: jou verhouding met ander mense én met die skepping! Ek is oud genoeg om te getuig dat ek gesien het dat waaragtige bekerings meer huwelike herstel en boerderye gered het as enige iets anders. Waarom? Omdat die herstel wat so eie is aan die Koninkryk van God, nie net deur wonderwerke kom nie. Dit kom veral deur **gehoorsaamheid**. Wanneer jy Jesus Koning maak en Hom **gehoorsaam**, sal jy agterkom hoeveel probleme vanself opgelos word, om nie eers te praat van hoeveel voorkom word nie. Goed begin net werk soos dit veronderstel is om te werk.

Die Koninkryk van God kom wanneer iemand tot bekering kom; wanneer 'n huwelik herstel of 'n pa en seun mekaar vind; wanneer 'n werkgewer en werknemer mekaar vergewe en vir mekaar bid; wanneer jou goeie bestuur daartoe lei dat 'n vertrapte stuk grond weer toegroei met gras; wanneer jy grond volhoubaar en verantwoordelik benut; wanneer goeie rentmeester-skap die herstel van ekosisteme tot gevolg het; wanneer 'n siek mens of dier weer gesond word; wanneer jy opstaan nadat jy geval het, ongeag of dit uit sonde, teleurstelling of 'n finansiële terugslag is (Spreuke 24:16; Psalm 145:14). Wanneer die HERE jou trane in lag verander, jou rouklere uittrek en vir jou feesklere aantrek, het daar herstel plaasgevind (Psalm 30:6, asook vers 12-13).

Ek herhaal – op alle terreine vind herstel veral plaas wanneer ek en jy die Koning op daardie terrein begin gehoorsaam. Wanneer ons sy wil op aarde begin doen soos wat dit reeds in die hemel gedoen word, breek die hemel op aarde deur.

Gebedsopdrag:

- † Loof en prys die Here Jesus Christus omdat Hy jou verhouding met God volkome herstel het (Hebreërs 10:14 en Romeine 5:1-2). [Indien jy Hom nog nie as Verlosser en Here aanvaar het nie, wil ek jou vra om nie langer uit te stel nie. Die dwaas dink om dit môre te doen. Die wyse sê: Ek moes dit al gister gedoen het, daarom stel ek nie verder uit nie.]
- † Bid vir almal wat steeds nie glo dat Jesus reeds álles gedoen het om hulle verhouding met God te herstel nie. Bid en vra dat hulle nie langer sal uitstel nie.



Dag 17

In die Koninkryk gaan dit oor die Koning se wederkoms (5)

In die Koninkryk van God gaan dit veral oor die volgende vyf belangrike sake:

- God as **Koning**;
- **Gehoorsaamheid** aan die Koning se **wil**;
- **Oorwinning** van die Koning oor die Bose;
- **Herstel** wat die Koning bring;
- Die **Wederkoms** van die Koning.

In die vyfde plek gaan dit oor die **KONING SE WEDERKOMS**.

Die Burgers van die Koninkryk verwag dat dié dag enige oomblik kan aanbreek. Dit is die dag waarop die Koning die Bose finaal vernietig met die asem uit sy mond en die glans van sy verskyning (2 Tessalonisense 2:8b). Dit is die dag waarop almal wat in Christus gesterf het, uit die dood sal opstaan (1 Korintiërs 15:21-23). Dit is die dag waarop die ganse skepping vrygemaak sal word om te pas by die heerlijkheid en vryheid van God se kinders (Romeine 8:21). Dit is die dag wanneer die nuwe hemel en nuwe aarde kom en die woonplek van God by die mense sal wees (Openbaring 21:1-5). Dit is dié dag wanneer die groot bruilofsfees aanbreek en die bruid (Kerk = gelowiges) sonder enige sonde of ongeregtheid (Judas 24 en 1 Tessalonisense 5:23-24) haar Bruidegom (Jesus) gaan ontmoet. Dit is die dag waarop ons as gelowiges volkome verlos word en ons volle erfenis ontvang (Efesiërs 1:14 en Romeine 8:17).

Luister na die Woord van die Koning:

† Hoe word die tyd van Jesus se wederkoms beskryf? Wat gaan daarna gebeur? Lees 1 Korintiërs 15:23-28.

.....
.....

† Hoe beskryf Paulus dit wat ons op dié dag gaan ontvang? Lees 1 Korintiërs 2:9 en 2 Korintiërs 12:1-4.

.....



Burgers van die Koninkryk glo hierdie beloftes en bid gedurig dat dié dag moet aanbreek (Openbaring 22:6-21). Daarom beywer hulle hul daarvoor deur heilig, gehoorsaam en toegewy aan God te lewe (2 Petrus 3:8-18 en 1 Johannes 3:2-3).

Die Koninkryk **was**. Die Koninkryk **is**. Die Koninkryk **kom** en **sal vir ewig wees!** Elkeen wat in Jesus glo en voor Hom as Koning buig, deel in hierdie alles-oortreffende, ewige en heerlike Koninkryk . As jy net vir hierdie lewe en die voordele wat die Koninkryk *nóú* vir jou inhou, jou hoop op die Koning plaas, kry ek jou baie jammer. Daar is soveel méér om na uit te sien.

Luister wat sê die Koning in sy Woord:

† *Lees 1 Korintiërs 15:19.*

.....

Gebedsopdrag:

- † Roep tot die Koning, die Bruidegom! Vra Hy moet góú kom.
- † Bid Lukas 21:34-36 vir die landbougemeenskap.
- † Bid dat jy met 'n verwagting en met hoop sal lewe en boer.



DEEL 3

Die Koning heers oor alles

Jy weet reeds dat in die Koninkryk alles oor die Koning gaan. Dis een van die vyf kernwaarhede. Daarom moet jy die Koning beter leer ken. Jy moet veral oortuig wees dat Hy as Koning oor ALLES heers. Daarom gaan ons in die volgende gedeelte veral stilstaan by Kolossense 1:9-21 en die eerste agt hoofstukke van 2 Konings.

Dag 18

Oortuigings bepaal hoe jy lewe

As jy wil hê mense moet anders lewe, moet jy hulle help en oortuig om anders te dink en te glo. Die oortuiging in iemand se hart bepaal sy of haar hele lewe (Spreuke 4:23). Elke leuen wat jy glo, elke verkeerde opvatting of persepsie het baie slegte gevolge in jou lewe. Navorsing bewys dat dit veral jou oortuigings ten opsigte van die volgende paar dinge is wat jou lewe in die regte of verkeerde rigting stuur. Jou oortuigings oor:


- Wie God is;
- Wie en wat die mens is (individu en gemeenskap);
- Arbeid (die taak van die mens);
- Die Skepping en
- Tyd.

Saam vorm hierdie dinge jou siening van die werklikheid, jou wêreldbeskouing of “worldview”. Hierdie oortuigings word hoofsaaklik in die eerste 4-5 jaar van ’n kind se lewe vasgelê. Daarna word dit slegs met moeite verander. ’n Godswonder is nodig. Daarom moedig Paulus ons aan: *Laat God julle verander deur julle denke te vernuwe* (vgl. Romeine 12:1-2).

Dit bring ons by ’n **baie belangrike gevolgtrekking: ’n Gemeenskap lyk soos dit lyk omdat die mense in die gemeenskap glo wat hulle glo.** Hulle word en is wat hulle glo. Dit is ook waar van jou lewe en van die mense wat saam met jou woon, werk en boer. Julle hartsoortuiging bepaal die manier hoe julle lewe.



Die volgende skets illustreer dit mooi. Hoe meer leuens by die wortel (hartsoortuiging), hoe minder vrug aan die boom. (Die skets kom uit die boek van Darrow Miller, *Discipling Nations* – bladsy 176).



Wat glo jy byvoorbeeld van God en van Jesus? Wie is Jesus? In Matteus 16:13-17 vra Jesus twee vrae. Hy rig die vrae ook direk aan jou:

- *Wie sê die mense (daar by jou), wie is Ek?*

.....

- *Maar jy, wie sê jý is Ek?*

.....

Paulus het geweet dat die Kolossense se oortuiging oor wie Jesus is, gaan bepaal hoe hulle lewe. **Hy was dankbaar dat hulle gered is, maar hy was nie tevrede dat hulle net gered is nie.** In sy gebed (Kolossense 1:9-10) bid hy om veel meer:

- a – Kennis (Laat hulle tot volle kennis van God se wil kom);
- b – Lewe (Laat hulle tot eer van God lewe deur gehoorsaam te wees);
- b – Lewe (Laat hulle vrug dra en goeie werke doen);
- a – Kennis (Laat hulle toeneem in kennis van God).

Paulus het geweet dat as die Kolossense God beter leer ken, sal hulle lewe beslis verander en sal hulle meer vrug dra. Omdat ek jou (in DEEL 4 en 5) wil help om te lewe soos burgers van God se Koninkryk behoort te



lewe, wil ek jou eers help om die Koning beter te leer ken en anders oor Hom te dink.

Gebedsopdrag:

† Bid Kolossense 1:9-10 vir jouself, jou gesin en almal wat saam met jou boer. Bid spesifiek dat julle die Koning beter sal leer ken.

Dag 19 **'n Lied oor die Koning vir die Koning**

In Kolossense 1:13 is daar sprake van **twee koninkryke**:

- Die koninkryk van die duisternis (mag van die duisternis);
- Die Koninkryk van sy geliefde Seun (Seun van sy liefde).

God het die Kolossense uit die Koninkryk van Duisternis (KvD) geruk en hulle in die Koninkryk van sy Seun geplaas. Hy het hulle dus gered en onder nuwe heerskappy gestel. Hy het hulle bevry en aan hulle 'n nuwe Koning gegee. Daarom moet hulle God altyd dank. **Maar al is hulle gered, het hulle nog nie geleef soos burgers van die nuwe Koninkryk nie. Hulle het nie die Koning, of sy wil goed genoeg geken nie.** Hulle moes nog daarin verder onderrig word.

In aansluiting by Paulus se gebed dat die Kolossense God beter moet leer ken, haal hy nou in Kolossense 1:15-20 'n lied aan wat vertel wie Jesus werklik is! Die lied begin deur te sê dat dit Jesus is wat vir ons kom wys het wie God is ('n saak waarby ons al voorheen stilgestaan het)! Die lied bestaan uit twee parallelle gedeeltes:

- † Jesus neem die 1^{ste} en belangrikste plek in die skepping in (1:15-17)
- † Jesus neem die 1^{ste} en belangrikste plek in die kerk in (1:18-20)

In 'n sekulêre samelewing soos dié waarin ons lewe, word die **twee terreine heeltemal van mekaar geskei** en God word beperk tot die kerklike of sogenaamde geestelike lewe. Sy plek is die kerk en sy terrein is die geestelike dinge waarmee die kerk haar besig hou. Vir die res is God irrelevant, van geen waarde of betekenis nie. Omdat ons God *“op sy plek gesit het”* (binne die kerkgebou, onder huisarres), Hom uit die samelewing verwyder het sodat Hy dáár geen seggenskap of invloed kan hê nie, het die mense van die kerk nie meer 'n invloed op die



samelewing of die landbou nie. Hulle is nie sout of lig nie. Hulle oortuiging is dat, in teenstelling met die kerk, die landbou nie die plek vir God is nie, maar vir die wetenskap, tegnologie en biologie. Dis die plek vir goed wat rêrig is: sigbare, meetbare, berekenbare, eetbare en verkoopbare goed.

As jou siening van die werklikheid is dat daar 'n **radikale skeiding** tussen die geestelike en die fisiese wêreld is, dan het jy 'n **dualistiese wêreldbeeld** (die werklikheid is in twee dele verdeel: geestelik en fisies). As jy dan verder glo dat jy God se betrokkenheid en seggenskap kan beperk tot die geestelike wêreld, dan het jy 'n **sekularistiese (God is afwesig) en dualistiese (twee dele) wêreldbeeld**. Jou wêreld bestaan dus uit twee dele, maar God is in die een deel afwesig/onbetrokke. [Voorbeelde van hoe 'n *sekularisties-dualistiese wêreldbeeld* mense se lewe bepaal, vind jy in die studie en DVD oor "**Tipes Christene**". Jy kan dit by *AMOS* bestel.]

In Kolossense 1:15-20 sien ons dat Jesus net so relevant vir die landbou as vir die kerk is. Wie die mag of seggenskap van die Koning wil beperk tot die kerklike, onsigbare en geestelike dinge, beledig Hom!

Jesus neem die 1^{ste} en belangrikste plek in die skepping in! Hy is...
(Kolossense 1:15-17)

- ✓ Skepper van **ALLES** (uit Hom)
Johannes 1:1-3; Hebreërs 1:1-3
- ✓ Onderhouer / Instandhouer van **ALLES** (deur Hom)
Genesis 8:22; Hebreërs 1:3; Handeling 17:24-28a
Psalm 65:7-14; Psalm 148:5-6
- ✓ Fokus van **ALLES** (tot Hom)
Alles wys ons hoe magtig en wys ons God is (Psalm 8 en 19:1-7, asook Romeine 1:18 en verder) en alles verkondig sy lof (Psalm 148 en Openbaring 5:13)

Maar Jesus neem nie net die 1^{ste} en belangrikste plek in die skepping in nie, Hy neem ook die 1^{ste} en belangrikste plek in die kerk in (Kolossense 1:18-20). Daar is dus geen plek vir enige dualisme nie!

- ✓ Jesus is Heer oor ALLES = landbou én kerk én ...
- ✓ ALLES is vir Hom belangrik = landbou én kerk én ...



- ✓ Hy is betrokke by ALLES = landbou en kerk én ...
- ✓ ALLES moet sy lof verkondig = landbou en kerk én ...
- ✓ ORAL is sy terrein = landbou en kerk én die res ...

Wat vir die landbou geld, geld natuurlik vir elke ander terrein van die werklikheid en elke ander beroep. Waaraan jy ookal kan dink, dis God se terrein en Hy het mag, gesag en seggenskap daarvoor.

Die Koninkryk van God is groter en baie meer omvattend as die kerk. God heers immers nie net in die kerk nie. Die Koning heers oor ALLES!

Gebedsopdrag:

- † *Sing of bid hierdie lied in Kolossense 1:15-29 vir die Koning. Sê vir Hom dat jy daarmee saamstem. Aanbid Hom as HERE en Koning van die kerk en die landbou - ja, van die hele skepping.*
- † *Bid dat die Here ons as landbougemeenskap sal bewaar van 'n sekularisties-dualistiese wêreldbeeld waarmee mense sy invloed en seggenskap tot die kerk wil beperk.*

Dag 20

Die Koning het mag en gesag oor alles en almal (1)

Kom ons neem **2 Konings, hoofstuk 1 tot 8** as voorbeeld. In al die gedeeltes vind ons 'n bevestiging van God se mag en gesag, ongeag die konteks of die boodskap van die spesifieke Skrifgedeelte.

- ✓ Oor vuur (hfst. 1)
- ✓ Oor stormwind (hfst. 2 / NT: Matteus 8:23-27 en Handeling 27)
- ✓ Oor diere (hfst. 2 / Dink aan 4 uit die 10 plae in Eksodus 7-10, asook Jona)
- ✓ Oor water / waterbronne (hfst. 3; Eksodus 14 en 17 / NT: Johannes 2:1-12)
- ✓ Oor lewensmiddele / olie (hfst. 4 / NT: Markus 6:30-44)
- ✓ Oor die dood (hfst. 4 / NT: Johannes 11 en Matteus 27:50-53)
- ✓ Oor gifstowwe (hfst. 4 / NT: Markus 16:18; Lukas 10:19 en Handeling 28:3-6)
- ✓ Oor hoeveelhede / meer en minder (hfst. 4 / NT: Lukas 9:10-17)
- ✓ Oor siekte en gesondheid (hfst. 5 / NT: Markus 1:33-34)
- ✓ Oor swaartekrag (hfst. 6 / NT: Markus 6:48)
- ✓ Oor sig (om die onsienlike te sien of om sigbare dinge nie raak te sien nie – hfst. 6)



- ✓ Oor die toekoms en vyandelike magte (hfst. 6-7)
- ✓ Oor grondbesit (hfst. 8 / NT: Handeling 17:26)
- ✓ Oor tyd (om die regte ding op die regte tyd te laat gebeur – hfst. 8 / Ester)
- ✓ Oor regeerders (hfst. 8. Vgl ook Daniël 4:17 en 5:18-30)

Hierdie lys kan aangevul word met nog talle voorbeelde:

- ✓ God beskik oor dinge soos vrugbaarheid by mense, diere en plante (Psalm 65:10-14 en Psalm 113:9)
- ✓ Verwering en slytasie (Nehemia 9:21)
- ✓ Volke en nasies en oorloë (Psalm 46; Amos 9:7 en Handeling 17:26)
- ✓ Welvaart en rykdom (1 Kronieke 29:11-14)
- ✓ Die son (Josua 10:12-14 en 2 Konings 20:1-11)
- ✓ Saaityd/oestyd; koue/hitte; somer/winter; dag/nag (Genesis 8:22)
- ✓ Die soort grond asook die vrugbaarheid daarvan (Psalm 107:34)
- ✓ Hy is sterker as enige bese mag – almal is aan Hom ondergeskik en moet na Hom luister (Lukas 4:31-37)

Die lys is onbeperk. Jesus is Here en Koning oor alles en almal. Oor en uit! Die hele Skrif getuig van hierdie waarheid! Maar wat beteken dit vir my en jou in die landbou? In Dag 21 noem ek 'n paar dinge.

Luister na die Woord van die Koning:

† *Lees enige van bogenoemde gedeeltes en ontdek hoe wyd God se mag strek.*

.....

.....

.....

Gebedsopdrag:

† Indien jy vandag met enige van die dinge wat hierbo genoem word, worstel en sukkel, bid daarvoor. Die Koning het die vermoë om jou/julle te help.



Dag 21

Die Koning het mag en gesag oor alles en almal (2)

Jesus is HERE en Koning oor alles en almal. Die hele Skrif getuig van hierdie waarheid! Maar wat beteken dit vir my en jou in die landbou? Ek noem 'n paar dinge:

- 1. Daar bestaan geen dualisme nie.** Jy kan Jesus (God) nie beperk tot die geestelike of kerklike terrein nie. Hy is die Koning oor kerk en wêreld; oor sigbare en onsigbare dinge; oor hemelse en aardse goed. Daarom is beide kerk én landbou God se terrein! Bely dus dualisme as sonde.
- 2. As jy boer** (of watter ander beroep jy ook al volg), **is jy ook besig met die werk van die Here.** Die werk van die Here kan nie beperk word tot iets wat dominees, pastore en sendelinge doen nie. Jy kan en móét voltyds vir die Here boer (24/7). Jy hoef nie 'n predikant te word as jy voltyds vir die Here wil werk nie (Lees Kolossense 3:22 - 4:1). Die opdrag om dissipels te maak (Matteus 28:18-20) het nie die opdrag om die aarde te bewoon, te bewerk en te bewaar (Genesis 1:28 en 2:15) vervang nie. Beide hierdie opdragte is steeds van krag.
- 3. Jesus kan jou help om dissipels te maak, maar óók om te boer.** As Hy sê dat alle mag in die hemel en op aarde aan Hom behoort, lieg Hy nie. Daarom is dit so bemoedigend dat Hy altyd met ons is. Maar hierdie bemoedigende woorde is nie net waar as dit kom by die maak van dissipels nie. Dit is ook waar en van toepassing wanneer ons mense leer om in gehoorsaamheid aan die Koning te leef en te boer. Dis ook van toepassing wanneer ons besig is om die opdrag in Genesis 1:28 uit te voer, maar in die proses met talle probleme worstel. Dan is die almagtige Jesus óók teenwoordig om te help!
- 4. Jesus is betrokke by alles en het mag oor alles.** Bid teen probleemdiere en indringerplante. Bid vir vrugbaarheid van diere en voedsaamheid van gras. Bid oor waterbronne en plaasveiligheid. Bid oor die mees praktiese probleme waarmee jy sukkel. Bid oor die dinge wat in julle gemeenskap chaos en ellende veroorsaak: drankmisbruik; verbrokkeling van huwelike en gesinne; werkloosheid en armoede, asook alle oortuigings wat in stryd met die Woord is en alle ongehoorsaamheid aan die Koning. Bid om God se seën in alles wat jy doen (vgl. Deuteronomium 28:1-



14). Bid oor alles (Filippense 4:6-7) en doen dan wat die Here (Koning) vir jou sê (Johannes 2:5 en Lukas 6:46).

5. **Jesus is ook die Here / Koning van die landbou.** Die Koning moet oral gehoorsaam word, nie net in die kerk nie. Laat Hy jou leer hoe om die regte ding, op die regte tyd, op die regte manier te doen (vgl. Jesaja 28:23-29). Hy moet in alles gehoorsaam word: ekologiese vraagstukke soos besoedeling en aardverwarming; finansiële beplanning en bestuur, asook die vergoeding van werkers; arbeidsverhoudinge en boerderypraktyke; die verantwoordelike en volhoubare benutting van natuurlike hulpbronne, ensovoorts. In alles moet sy raad gevra en sy wil gehoorsaam word.
6. **Jesus (God) hou alles in stand.** Hy is verantwoordelik vir die vaste orde en struktuur in die skepping (vgl. Psalm 148:6). God se skepping is nie chaos nie. Dinge werk nie elke dag anders nie. Hy hou natuurwette in stand (Hebreërs 1:3). Die orde in die skepping maak wetenskap en tegnologie moontlik. Ons kan en moet navors hoe dinge werk. Dan kan ons dit in die landbou tot sy eer en ons voordeel benut. Elke nuwe ontdekking verkondig net meer van God se grootheid en wysheid.
7. **Jesus alleen is genoeg!** Jy het niks en niemand anders nodig om jou te verlos, óf te beskerm óf te versorg nie! Jy kry dit alles in Jesus! Jy hoef nie in vrees vir die noodlot of ander duister magte te lewe nie. Jy hoef hulle nie te vereer of gedurig te paai nie. Alles wat ons bedreig, het Jesus reeds oorwin.
8. **Leer Jesus beter ken!** Dit sal jou lewe verander!!!! (Filippense 3).
9. **Loof en aanbid Jesus!** Buig voor Hom as HERE en Koning! Verlustig jou in sy teenwoordigheid! Bewonder sy wysheid en sy groot krag wat ewigdurend is! Geniet sy liefde en guns. Spreek voortdurend jou waardering uit.
10. **Moet jou nie laat intimideer deur die Bose nie.** Hulle gee voor dat hulle onbeperkte mag het en dat hulle met jou kan doen wat hulle wil. Maar die duiwel is die vader van die leuen. Hy en sy handlangers is nie wat hulle voorgee om te wees nie. Dink maar aan sy magsvertoon in die lewe van Legio, en tog, as een enkele Man op die toneel verskyn, val Legio op sy knieë neer, want die bese geeste weet dat hulle magteloos voor Jesus is (Markus 5:1-17). Jesus deel sy mag en gesag oor die Bose met sy kinders (Lukas



9:1) en daarom moet die duiwel (al doen hy hom voor as 'n gevaarlike leeu – 1 Petrus 5:8) van hulle wegvlug wanneer hulle hom teëstaan (Jakobus 4:7). God se kerk (en jy!) hou 'n groter bedreiging vir die Bose in as wat die Bose vir die kerk of vir jou inhou (Matteus 16:18). Jy is deel van 'n wenspan, nie hy nie – al is sy mond hoe groot!

Die **koningskap van Jesus moet verstaan, aanvaar en uitgeleef word**. Die koningskap van Jesus is 'n saak vir jou kop, hart en hande! **Jy moet met jou hart glo, met jou mond bely en met jou daade bewys dat Jesus die HERE en Koning van jou hele lewe is.**

Geniet dit. Lekker boer!

Gebedsopdrag:

- † Lees Filemon:6 en bid vir medegelowiges. Vra dat die Here hulle sal help om die implikasies van Jesus se Koningskap te verstaan en prakties uit te leef.
- † Bid dat elkeen in die landbougemeenskap met die hart sal glo, met die mond sal bely en met daade sal bewys dat Christus hulle Heer en Koning is.

Dag 22

Die Koninkryk kom wanneer ...

Die Koninkryk van God strek oor die ganse skepping omdat Hy oor alles heers en regeer. Alles is uit Hom, deur Hom en tot Hom. Hy hou alles deur sy magswoord in stand. Die Koninkryk van God word sigbaar waar en wanneer:

- ✓ Mense Hom as Koning aanvaar en vereer;
- ✓ Mense doen wat die Koning sê en sy wil gehoorsaam;
- ✓ Mense die Bose in die Naam van die Koning oorwin;
- ✓ Mense God se medewerkers word in die herstel van alles wat deur die sonde gebreek is.
- ✓ Mense in die verwagting leef dat die Koning enige dag weer kom en hulleself voorberei op die besondere gebeurtenis soos 'n bruid vir haar bruidegom.

In eenvoudige taal beteken dit dat die **koningskap van Jesus verstaan, aanvaar en uitgeleef moet word**. Die koningskap van Jesus is 'n saak vir jou kop, hart en hande! **Jy moet met jou hart glo, met**



jou mond bely en met jou dade bewys dat Jesus die HERE en Koning van jou hele lewe is.

Loof en aanbid die Koning. In sy Woord kry jy baie redes daarvoor:

† Romeine 11:33-36

.....

† 1 Korintiërs 8:6

.....

† Handeling 17:24-28a

.....

In die lig van die vyf kernwaarhede wat hier in DEEL 3 bespreek is, dink na en beantwoord die volgende vrae: In watter mate het die Koninkryk van God gekom en word dit reeds sigbaar? Noem voorbeelde:

❖ In jou eie lewe?

.....

.....

❖ Op jou plaas?

.....

.....

❖ In die landbougemeenskap waarvan jy deel is?

.....

.....



Gebedsopdrag:

- † Bid dat die landbougemeenskap Hom as Koning aanvaar en vereer;
- † Bid dat hulle sal doen wat die Koning sê en sý wil gehoorsaam;
- † Bid dat hulle die Bose in die Naam van die Koning sal oorwin;
- † Bid dat die landbougemeenskap God se medewerkers word in die herstel van alles wat deur die sonde gebreek is.
- † Bid dat die landbougemeenskap in die verwagting sal leef dat die Koning enige dag weer kom en hulleself voorberei op hierdie besondere gebeurtenis soos 'n bruid vir haar bruidegom.



DEEL 4

Toegang tot die Koninkryk

Hoe verhuis jy na 'n ander land en kry jy dáár burgerskap? Daar is gewoonlik 'n lang voorbereidingsproses: Jy doen aansoek om 'n paspoort en visum; besluit hoe jy daar gaan kom, asook wat jy kan saamneem en wat nie; dink waar jy gaan bly en wat jy daar gaan doen; doen aansoek vir 'n werkspermit, ensovoorts. Wanneer jy uiteindelik na maande daar kom, kry jy steeds nie onmiddellik burgerskap nie. Jy moet meestal eers vyf jaar of langer in die land bly en werk, of met iemand in die land trou om burgerskap te kry. Dan sit jy met dubbele burgerskap, want gewoonlik gee mense nie die burgerskap van hul geboorteland prys nie – net vir ingeval hulle besluit om eendag daarheen terug te gaan.

Maar is dit ook hoe ek en jy in die Koninkryk van God kom? Beslis nie!

Dag 23

Hoe kry jy burgerskap van die nuwe Koninkryk?

Onthou, almal word in die Koninkryk van die Duisternis gebore (Psalm 51:7; Romeine 3:23 en 5:12, asook Efesiërs 2:1-3). Op een of ander manier moet ons uit hierdie donker koninkryk wegkom, maar hoe?

Luister na die Woord van die Koning:

† Lees Kolossense 1:12-14 en let op vers 13. Wie het die inisiatief geneem om ons uit die een koninkryk in die ander een te kry?

.....

God neem die inisiatief deur mense uit te ruk uit die mag (koninkryk) van die duisternis en burgers te maak van die Koninkryk van sy geliefde Seun. Daarom moet ons die Vader altyd loof en dank. Nogtans rus daar ook 'n verantwoordelikheid op die mens: Glo!

Die manier hoe burgerskap van die nuwe Koninkryk verkry word, kan as volg saamgevat word:

- i) Deur **wedergeboorte** (Johannes 1:12-13 en 3:1-15)



- ii) Deur **geloof**, nie deur iets wat jy moet doen nie (Romeine 3:21-28 en 10:1-4, asook Efesiërs 2:8-9)
- iii) Deur te **sterf en op te staan saam** met Christus (Romeine 6:1-11)

Dit is dus duidelik dat dit nie harde werk is om in die Koninkryk van God te kom nie. (Dis nie 'n klomp goed wat jy moet doen nie.) **Jy kom daar deur in Jesus te glo.** Jy kry burgerskap die **oomblik wanneer jy glo**, en nie eers in die hiernamaals nie. Jy hoef nie maande te wag in die hoop om mettertyd burgerskap te kry nie. Dis ook duidelik dat jy niks kan saamvat uit die ou koninkryk nie, want jy pak nie tasse en kratte wanneer jy verhuis nie. Jy sterf in die ou koninkryk (jy word self ingepak) en staan op in die nuwe Koninkryk. Jy word *in* die Koninkryk van God *in gebore*, net soos 'n baba in 'n familie in gebore word.

Burgers van die Koninkryk van God is dus almal **splinternuwe mense**. Op grond van hulle tweede geboorte (uit God) het hulle 'n **nuwe identiteit**. Hulle is nou kinders en vriende van die Koning. Omdat al hulle sonde van die verlede, hede en toekoms op grond van Jesus se offer vergewe en vergeet is, het hulle 'n **nuwe status**: Hulle is vrygespreek (Romeine 5:1). Hulle is rein en heilig verklaar. Hulle het deel van die koninklike familie geword (Efesiërs 2:19 en 1 Petrus 2:9-10).

Luister wat sê die Koning in sy Woord:

† Lees 2 Korintiërs 5:17-18a. Wat is waar van almal wat in Jesus glo?

.....

† Johannes 1:12-13. Uit wie is alle burgers van die Koninkryk gebore?

.....

† Wat is die verhouding tussen die Koning en die burgers volgens Johannes 15:15 en Efesiërs 2:19. Noem twee sake.

.....



† *Wat het van die klagstaat en skuldbewys teen die burgers geword volgens Kolossense 2:13-15. Let op vers 14.*

.....

† *Wat is waar van alle burgers van die Koninkryk van God? Lees Hebreërs 10:14.*

.....

† *Wat is waar van alle burgers van die Koninkryk van God? Lees Romeine 6:1-11.*

.....

Gebedsopdrag:

- † Bid dat alle mense sal sien dat hulle nie burgerskap van God se Koninkryk kry deur wette te gehoorsaam of godsdienstige pligte en tradisies in stand te hou nie.
- † Bid dat die landbougemeenskap nie net godsdienstig sal wees nie, maar ware burgers van God se Koninkryk sal word.
- † Bid vir wedergeboorte, geloof, bekering en nuwe lewe.

Dag 24

Die hele mens moet in die Koninkryk van God kom

God is Vader, Seun en Heilige Gees. Hy is drie persone, maar een Goddelike Wese. Ons kan nie die Drie-eenheid van God ten volle verstaan of begryp nie. Nogtans glo ons dit omdat God Hom só aan ons openbaar.

God het die mens na sy beeld geskep. Daarom is die mens ook 'n drie-enige wese. Ook dit kan ons nie ten volle verstaan en begryp nie. Nogtans glo ons dit omdat dit die manier is hoe God in sy Woord oor ons as mense praat.



Luister wat sê die Koning in sy Woord:

† Lees Genesis 1:26-27. Hoe word die mens daar beskryf?

.....

† Lees 1 Tessalonisense 5:23. Hoe word die mens daar beskryf?

.....

† Lees Lukas 2:52. Wat lees jy hier van Jesus?

.....

gees = pneuma Dit is dié deel van my menswees waardeur ek met God en die geestes-wêreld verbind is.	siel = psuche Dit is dié deel van my menswees waar ek dink, redeneer, besluite neem, dinge aanvoel en emosies ervaar, asook verhoudinge met mense kan hê. [Wie = w = my w il = i = my i ntellek = e = my e mosies]	liggaam = soma Dit is dié deel van my menswees waardeur ek na buite leef en uitdrukking gee aan dit wat in my gees en siel gebeur.
---	---	--

Hou die volgende in gedagte:

1. Gees, siel en liggaam kan onderskei word, maar sáám is dit mens. Hulle werk saam en die een beïnvloed die ander.
2. Die Bybel gee nêrens 'n definisie van dié drie begrippe soos wat dit byvoorbeeld in Hebreërs 11:1 'n definisie van geloof gee nie. Daarom definieer mense dit (gees, siel en liggaam) nie altyd dieselfde nie.
3. Baie mense beskou die gees en siel van die mens as dieselfde ding, maar dit is nie. Volgens Hebreërs 4:12 is daar 'n onderskeid.
4. Die Griekse woord *soma* word in 1 Tessalonisense 5:23 vir liggaam gebruik. Die woord dui nie op iets wat sondig of minderwaardig is nie. Dit dui net op die uiterlike en sigbare deel van die mens, in teenstelling met die onsigbare geestelike deel.



5. Gees, siel en liggaam het **sintuie**:

Liggaam: Jy hoor fisiese klanke met jou ore.

Siel: Op grond van 'n verhouding (goed of sleg) hoor jy iets anders as wat 'n persoon sê.

Gees: Jy hoor God praat met jou.

Liggaam: Jy sien fisies met jou oë die gevaar van 'n aankomende voertuig aan die verkeerde kant van die pad.

Siel: Jy sien die gevaar in 'n verkeerde vriendskap of die gesindheid in iemand se hart. Jy sien iemand se standpunt in en Paulus bid vir verligte oë van die Efesiërs se verstand (Efesiërs 1:18).

Gees: Elisa bid dat die Here sy slaaf se oë sal oopmaak sodat hy kan sien wat Elisa reeds in die gees gesien het (2 Konings 6:16-17). In die laaste dae, sê die Here, sal jongmense visioene sien. Die probleem is dat baie van ons in die gees so afgestomp geraak het, dat ons dáár niks sien, hoor of ervaar nie. Ons het fisies oorontwikkel, maar geestelik babatjies gebly (1 Korintiërs 3:1 en Hebreërs 6:1).

6. Gees, siel en liggaam het 'n **identiteit**:

Gees: Jou identiteit word bepaal deur jou verhouding met God: Is jy 'n kind van God of nie?

Siel: Jou identiteit word bepaal deur jou optrede, verhoudinge, manier van dink en redeneer. Jou identiteit word bepaal deur hoe ander jou sien, en hoe jy jouself sien.

Liggaam: Jou identiteit word bepaal deur jou geslag, asook die grootte, ouderdom en velkleur van jou liggaam. Ook deur iets soos jou fisiese gesondheid of gestremdheid.

7. Die sonde en ongehoorsaamheid van Adam het 'n vernietigende effek (dood) op die gees, siel en liggaam van die mens gehad.

Gees: Die intieme verhouding met God is verbreek.

Siel: Die vreugde van werk en die eenheid tussen mense het verdwyn.

Liggaam: Fisiese siekte en dood het ingetree.

Uit bogenoemde kan ons reeds 'n paar belangrike gevolgtrekkings maak:

- Daar is geen dualisme binne-in die mens nie. Een deel is nie beter as die ander dele, of minderwaardig in vergelyking met die



ander nie. Dis nie net een deel wat verlossing nodig het nie. Die hele mens moet verlos word: sy gees, siel en liggaam. Die hele mens moet in die Koninkryk van God (en in die hemel) kom, nie net siele nie.

- Die wortel van die probleem lê by ons gees, want dit is op die vlak van die gees waar ons verhouding met God verbreek is. Die dood het heel eerste dáár ingetree en toe deurgewerk na die siel en die liggaam.
- Die beste en blywendste oplossing van enige probleem lê by die wortel van daardie probleem. Die oorsaak van die probleem moet eerste aangespreek word, dan die gevolge van die probleem. En dit is presies wat God gedoen het. Hoe, word later verduidelik.

Gebedsopdrag:

- † Bid vir insig en begrip dat die mens gees, siel en liggaam is. Bid teen die onbybelse dualistiese opvatting dat die mens uit twee dele bestaan: 'n goeie deel (gees/siel) en 'n slegte deel (liggaam).
- † Bid vir insig en begrip dat **ménse** in die landbougemeenskap gered moet word: gees, siel en liggaam - nie net siele nie.

Dag 25

Die wortel van die probleem

Vroeër (voordat ons weer gebore is en burgers van die Koninkryk van God geword het) was ons afgesluit/afgeskei van God en die invloed van sy Gees deur 'n muur van sonde (Jesaja 59:2). Die heerlijkheid van God kon ons nie bereik nie (Romeine 3:23 – *want almal het gesondig en dit ontbreek hulle aan die heerlijkheid van God*. 1953-Vertaling) en daarom het die mens nie meer die heerlijkheid (Grieks = *doxa*) van God weerkaats nie. In dié sin was ons geestelik dood – vir God, maar nie vir die sonde nie. Ons gees is besoedel deur die neiging tot die sonde wat ons by Adam geërf het. Ons is met 'n oriëntasie tot die sonde gebore (Psalm 51:7). Ons het 'n natuurlike, ingebore neiging om voorkeur aan sonde en 'n sondige lewe te gee.

Sarx, net soos die woord *soma*, kan met vlees/liggaam vertaal word, maar dit dui meestal op méér as net die uiterlike en sigbare deel van die



mens. Wanneer Paulus na ons spontane oriëntasie tot sonde verwys, gebruik hy ook die Griekse woord *sarx* (vlees).

Na die sondeval het die *sarx* oral oorgeneem: gees, siel en liggaam. Die mens het geestelik afgestomp geraak. Hy het vir homself afgodsbeelde van fisiese goed begin maak. Hy het na die duiwel begin luister en in 'n verhouding met demone getree. Hy het begin dink hyself is god en toe só begin optree. Die mens het sy eie selfsugtige besluite geneem. Mense het mekaar begin haat en verhoudinge is vertroebel. Die mens het sy liggaam tot beskikking van die sonde gestel. Die mens se totale menswees (gees, siel en liggaam) is deur die sonde "*platgetrap*".

Om hierdie selfvernietiging waarop die mens afgestuur het te help keer, het God sy wette en voorskrifte gegee, maar dit was op klippe en in boeke geskryf. Dit moes die mens *van buite* probeer beïnvloed, maar kon dit nie altyd regkry nie. Die speelveld was nie gelyk nie. Die vlees het deur ons aangebore oriëntasie om sonde te doen, 'n baie groot voorsprong gehad. By wyse van beeldspraak kan ons sê: Die wet buite ons het 'n verlore stryd gestry (Romeine 8:3) teen die vlees/*sarx* binne-in ons. Die wet kon ons nie help om die oorhand oor die *sarx* te kry nie. Daarom het God sy eie Seun as **mens** na ons toe gestuur. En dit is die goeie nuus – die ware Evangelie!

Met die offer van Jesus is alle sonde vir altyd uit die weg geruim. Dit staan nie meer soos 'n skeidsmuur tussen ons en God nie. In Jesus Christus het die heerlijkheid (*doxa*) van God, wat ons nie meer gehad het nie, ons weer bereik (Johannes 1:14). Christus het vir ons kom wys hoe leef iemand met Goddelike identiteit en heerlijkheid in 'n menslike liggaam. Maar Hy het méér as dit kom doen. Deur sy Gees het Hy in ons kom woon sodat ek en jy ook ons roeping in die Koninkryk kan uitleef, naamlik: *Om self ook met 'n Koninklike (Goddelike) identiteit in 'n menslike liggaam te leef. Om die heerlijkheid van die HERE uit te straal.*

Gebedsopdrag:

- † Lees Romeine 3:23 en bid daarvoor.
- † Lees Romeine 8:3 en bid daarvoor.



Dag 26

Wedergeboorte

Wanneer jy jou huis uitvee, begin jy altyd op die verste punt. Jy vee van diep binne, na die buitedeur. Dit is ook hoe God werk. Wanneer God die verhouding tussen Hom en die mens herstel, begin Hy by die gees. Hy begin dáár waar die probleem oorspronklik ontstaan het. Maar God herstel die verhouding nie net op geestelike vlak nie – Hy begin bloot net daar. Wat doen Hy? Hy maak ons radikaal en totaal nuut. Hoe? Deur wedergeboorte. Waarom? Omdat die beste en blywendste oplossing by die wortel van 'n probleem lê. En die wortel van die probleem is dit: Ons eerste geboorte het ons erfename van Adam se oriëntasie tot sonde gemaak. En al vergoeding (betaling) wat 'n mens vir sonde kry, is die dood (Romeine 5:12 en 6:23).

Die wedergeboorte is 'n geestelike geboorte (Johannes 3:3-6), 'n geboorte uit God (Johannes 1:13; 1 Petrus 1:23). 'n Geboorte op grond waarvan ons kinders van God word en 'n nuwe identiteit kry (Johannes 1:12 en 2 Korintiërs 5:17). 'n Geboorte op grond waarvan ons een met Christus is.

Deur ons eenheid met Christus het daar iets wonderliks gebeur: Ons is geestelik besny. Dit beteken iets is uit ons gees weggevat! Wat? Ons aangebore oriëntasie om sonde te wil doen. Ons geneigdheid om sonde bo die wil van God te kies.

Luister wat sê die Koning in sy Woord:

† Lees Kolossense 2:11-15. Wat sê dit vir jou?

.....
.....

Maar God het weereens baie meer gedoen as om net ons sondige natuur weg te neem. Hy het self ons skoon huis kom bewoon. Deur sy Gees het Hy sy intrek kom neem. Nou verander sy Gees ons voortdurend om al meer aan die beeld van Christus gelyk te word. In die proses neem die heerlijkheid van die Here wat deur ons uitgestraal word, steeds toe (2 Korintiërs 3:18). **Daar is groei.**



Jy sien, geboorte is nooit die einddoel nie. Dis die gebeurtenis wat jou identiteit bepaal en op grond waarvan groei dan plaasvind: *Jy word al meer wat jy kragtens jou geboorte is.* Wat as klein hondjie gebore word, sal niks anders as 'n groot hond word nie. Wat as 'n babatjie gebore word, sal groei en 'n groot mens word. My en jou wedergeboorte bepaal dus ons identiteit as kind van God en is die basis op grond waarvan ons verder moet groei. Omdat ons gees, siel en liggaam is, moet ons ook na gees, siel en liggaam groei (vgl. Lukas 2:52). Mense moet Christus al meer in ons sien: in ons verhoudinge, gesindhede, kommunikasie, werk en die *God's Way* waarop ons boer.

Gebedsopdrag:

- † Bid dat Christene al meer sal word wat hulle kragtens hul wedergeboorte reeds is: Kinders van God.
- † Bid vir geestelike groei in die landbougemeenskap.

Dag 27 Die Koning is in ons!

Omdat God ons in die sterwe en opstanding van Christus ingesluit het; omdat Hy aan ons die wedergeboorte geskenk het; omdat Hy aan ons geloof gegee het en ons in Jesus glo, is ons heeltemal nuwe mense (2 Korintiërs 5:17-18a).

God het aan jou 'n nuwe gees gegee, naamlik die Gees van Christus (Romeine 8:9). Jy is nou geestelik een met Jesus (1 Korintiërs 6:17). Sy Gees woon nou in jou. Daar is nou 'n eenheid tussen jou en Christus, net soos daar 'n eenheid tussen Christus en die Vader is (Johannes 17:20-23).

Die Gees (van Christus) in jou, is die kern van die Evangelie, die goeie nuus – die geheim wat bekend moes word.



Luister wat sê die Koning in sy Woord:

† Wat is die geheim wat bekend gemaak is volgens Kolossense 1:27?

.....
.....

Dis fantasties! Die betekenis is oorweldigend:

1. **Die Gees in jou** is die basis van kindskap. Dit is die bevestiging dat jy aan Christus behoort en dat God jou Vader is (Johannes 1:13 en Romeine 8:9 en 8:14-17). Die Gees in jou bepaal nou jou ware identiteit: kind van God!
2. **Die Gees in jou** is die waarborg dat jy die volle hemelse heerlijkheid sal ontvang (Kolossense 1:27b en Efesiërs 1:13-14, asook 2 Korintiërs 5:5), want die Heilige Gees kan tog nie in die hel beland nie, en jy en die Gees is nou een. Die Gees in ons is die deposito wat as waarborg dien van alles wat God nog vir ons gaan gee (2 Korintiërs 1:22);
3. **Die Gees in jou** waarborg ook dat jou liggaam, net soos die van Jesus, uit die dood opgewek sal word (Romeine 8:11 en 1 Korintiërs 15:42-49).
4. **Dit is die Gees van God in jou** wat beheer neem, jou vry maak van die uiterlike wet, slawerny en vrees (Hebreërs 2:14-15; Romeine 8:2 en 15, asook Galasiërs 4:6-7 en 5:13).
5. **Dit is die Gees in jou** wat jou algaande verander en vernuwe om meer en meer die beeld en karakter van die Koning te vertoon (1 Korintiërs 3:17-18 en Kolossense 3).
6. **Die Gees in jou** beteken dat God nou sy Woord, wil en wet binne-in jou gegee het (Jeremia 31:33-34 en Hebreërs 10:16). *Die wet buite is vervang met die Gees binne.* Die Gees van Christus wil tog net doen wat die Vader wil, want die Gees van Jesus en die Gees van die Vader is een (Johannes 5:19-20 en 14:31 en 17:20-23 / Matteus 26:39 en 42). God se wil binne-in ons harte is die nuwe verbond wat Hy belowe het



(Jeremia 31:33-34 en Hebreërs 10:16)! Dis nie meer 'n klomp reëls en wette wat van buite met geweldige dissipline, dreigemente en swaar straf op mense afgedwing is nie – selfs al was dit tot hulle eie beswil! *Die wet buite is vervang met die Gees binne.* Daarom kan ons sê: As Christene is ons nie meer onder die wet nie, maar ook nie sonder die wet nie. Die Koninkryk van God is nie 'n wettelose plek nie. Die Gees in ons het die wet buite ons vervang. Die Gees van God maak die wil van God baie meer dinamies en volledig in elke situasie, op enige tyd en plek aan ons bekend. Hy doen dit beter as wat enige geskrewe stel reëls, hoe lank of kort dit ook al is, ooit kan doen. *“The best teacher in town is the Holy Spirit”* is 'n baie waar gesegde (1 Johannes 2:27). Jesus sê baie duidelik in Matteus 5:17-20 dat die wet nie verdwyn nie. Die wet as 'n uiterlike stel reëls wat mense moes gehoorsaam in 'n poging om in die regte verhouding met God te kom, se tyd is uitgedien. God het nou sy wil op 'n baie beter en meer omvattende manier, aan ons kom openbaar deur aan ons sý Gees te gee. Sý Gees wek in ons die begeerte om te doen wat Hy wil, maar stel ons ook in staat om dit te doen. En as ons dit nie altyd regkry nie, verander dit niks aan ons verhouding met God of ons identiteit as kinders van God nie, want ons verhouding met God is reeds volledig en permanent herstel op grond van Jesus se volkome gehoorsaamheid aan die wil van God. Praat van genade – hier is nou vir jou 'n stuk genade!

7. **Dit is die Gees in jou** wat Jesus se lewe deur jou leef! Die Gees oorwin die vlees (Galasiërs 5:16). Die Gees laat jou soos Jesus dink en redeneer en daarom al meer soos Hy leef. Dit is die Gees in jou wat jou toerus met die gawes en vermoëns van Christus. Dis die Gees van die Koning in jou, wat jou in staat stel om as burger van die Koninkryk te lewe en te boer.
8. **Dit is die Gees in jou** wat die hart en wil van God ken en dit aan ons bekend maak. Die Gees stel ons in staat om op geestelike vlak met God en medegelowiges te kommunikeer (1 Korintiërs 2:10-16).

Voor die koms van die Gees op Pinksterdag is mense se verhouding met God bepaal deur die onderhouding van die wet en die uitvoer van godsdienstige rituele. Nou het dit verander na 'n intiem-persoonlike verhouding aangesien God se Gees in ons kom woon het.



Om saam te vat: Die geheim (wat intussen openbaar is) agter die lewe in die Koninkryk van God, is dit: **Die Koning woon deur sy Gees in die burgers van sý Koninkryk.** Met sý Gees in jou is jy dus volledig voorberei en toegerus vir die lewe in die Koninkryk van God.

Luister wat sê die Koning in sy Woord:

† *Wat sê Paulus in 2 Korintiërs 13:5, waarvan moet ons seker maak?*

.....

† *Waaroor gaan dit in die Koninkryk volgens Romeine 14:17?*

.....

† *Waaroor gaan dit in die Koninkryk volgens 1 Korintiërs 4:20?*

.....

† *Lees Galasiërs 2:20. Sê in jou eie woorde wat daar staan.*

.....

Gebedsopdrag:

- † Bid teen mense se pogings om die Koninkryk van God te probeer binne-sluip deur in eie krag goed, godsdienstig en sosiaal aanvaarbaar te leef.
- † Bid dat burgers van die Koninkryk sal verstaan hoe bevoorreg hulle is om die Gees van die Koning in hulle te hê.

Dag 28

Die volle boodskap van die Kruis

Waarom sukkel so baie Christene om ontslae te raak van die lewenstyl wat hulle vroeër in die Koninkryk van Duisternis (KvD) gehad het? Dit is



waarskynlik omdat hulle slegs die helfte van die boodskap van die kruis ken. Daar word dikwels aan ons verkondig dat Christus in ons plek vir ons sonde gesterf en opgestaan het. *Dit was nodig vir die vergewing van ons sonde!* Daarom noem ons Hom ons **VERLOSSER**. Hy het ons verlos van die straf van die sonde.

Maar ons hoor nie dikwels dat ons ook saam met Christus gesterf en opgestaan het nie. *Dit is nodig vir die oorwinning oor die mag van sonde.* Daarom is Hy ons **HERE** en Koning. Deur sy Gees heers Hý nou in ons lewe, en nie meer die mag van sonde nie.

Ons het in die Koninkryk ingekom omdat God ons in Christus se sterwe en opstanding ingesluit het (Romeine 6:1-14). Ons het saam met Hom gesterf en opgestaan. Op grond hiervan word ons beveel om ook die gewoontes en gebruike van die ou mens (die mens vóór wedergeboorte en bekering), af te sterf. Dit soos vuil klere uit te trek. Omdat ons met Christus gesterf en opgestaan het, is ons dood vir die sonde en vry om die wil van die Koning te doen.

Luister wat sê die Koning in sy Woord:

- † Julle het saam met Christus gesterwe en is dus dood vir ...***
(Kolossense 2:20)
- † Aangesien julle saam met Christus uit die dood opgewek is ...***
(Kolossense 3:1)
- † Daarom moet julle die aardse dinge doodmaak wat nog deel van julle lewe is ...*** *(Kolossense 3:5)*

Dit beteken dat mense wat deur hulle sterwe en opstanding saam met Christus deel gekry het aan God se Koninkryk, nie kan voortgaan met hulle ou lewenstyl nie. Hulle mag nie die ou gewoontes en gebruike in die Koninkryk voortsit nie. Dit pas glad nie daar nie.

Efesiërs 4:17-24 praat ook van die lewe van die ou sondige mens waarmee gebreek moet word. Nuwe mense lewe op 'n nuwe manier, want hulle dra die beeld van God. Nadat Paulus die beginsels uitgespel het, verduidelik hy die nuwe lewe vanaf Efesiërs 4:25 tot 6:20. **Die nuwe lewe is omvattend. Dit dek letterlik die hele lewe:** ons taal en gesprekke, humeur, werk, seksuele lewe, humor en grappe, vriendekring, tydsbenutting, besluitneming, huwelik, kinderopvoeding en



gesinslewe, arbeidsverhoudinge, stryd teen die bose magte en ons gebedslewe.

Gebedsopdrag:

- † Bid dat die **hele** Evangelie aan die **hele** landbougemeenskap verkondig sal word en dat hulle die **hele** Evangelie sal glo, naamlik: Christus het in ons plek gesterf om ons vry te maak van die skuld van ons sonde. Omdat ons saam met Christus gesterf en opgestaan het, het Hy ons vrygemaak van die mag en houvas van sonde oor ons lewe.
- † Dank God vir die vergewing van ons sonde, maar ook vir die oorwinning oor sonde.



DEEL 5

Die lewe in die Koninkryk van God

Die Koninkryk van God het vanuit die verlede en die toekoms, in die hede ingebreek. Dis 'n totaal nuwe werklikheid op grond waarvan ons nou reeds kan en moet leef. Ek en jy moet, as burgers van God se Koninkryk, hier en nou, elke dag, oral die lewenstyl van die Koninkryk verkondig, maar ook demonstreer. Deur ons gehoorsaamheid aan die wil van die Koning, moet ons vir mense so ietsie begin wys van hoe dit eendag in die hemel gaan wees waar God se wil 100% geskied.

Hoe is dit moontlik? **Alleen deur die Gees!** Dit is die Gees in jou wat Jesus se lewe deur jou leef! Die Gees oorwin die vlees (Galasiërs 5:16). Die Gees laat jou soos Jesus dink en redeneer en daarom al meer soos Hy leef. Dit is die Gees in jou wat jou toerus met die gawes en vermoëns van Christus. Dis die Gees van die Koning in jou, wat jou in staat stel om as burger van die Koninkryk te lewe en te boer.

Die geheim (wat intussen openbaar is) agter die lewe in die Koninkryk van God, is dus dit: **Die Koning woon deur sy Gees in die burgers van sy Koninkryk.** Met sy Gees in jou is jy dus volledig voorberei en toegerus vir die lewe in die Koninkryk van God.



Dag 29

Die lewe in die Koninkryk van God

Dit wat in Deel 4 gesê is, kan ons as volg saamvat:

Die heerlijkheid (doxa) van God



'n Muur van sonde skei ons van God – dit ontbreek ons aan sy heerlijkheid (Rom 3:23) Sporadiese ontmoetings op spesifieke plekke, gekenmerk deur offers, rituele en tussengangers.

Wet buite ons op klippe en in boeke:



<p>gees = pneuma Dit is die deel van my menswees waardeur ek met God en die geestes-wêreld verbind is.</p> <p><i>Sarx (vlees)</i></p>	<p>siel = psuche Dit is die deel van my menswees waar ek dink, redeneer, besluite neem, dinge aanvoel en emosies ervaar, asook verhoudinge met mense kan hê.</p> <p><i>Sarx (vlees)</i></p>	<p>liggaam = soma Dit is die deel van my menswees waardeur ek na buite leef en uitdrukking gee aan dit wat in my siel gebeur. My liggaam is nie as sodanig sondig nie.</p> <p><i>Sarx (vlees)</i></p>
---	---	---

Die vloek van die sondeval lê daarin dat ons kragtens ons geboorte uit die geslag van Adam deel gekry het aan sy sondige natuur. Die *sarx*-gees en *sarx*-gesindheid (die natuurlike, ingebore geneigdheid en oriëntasie om sonde te kies en te doen) het ons hele menswees oorgeneem: gees, siel en liggaam. Die *sarx* het vrye toegang tot gees, siel en liggaam verkry– so ook bose geeste en demone. Dood het letterlik die hele mens getref.

Luister wat sê die Koning in sy Woord:

† Lees Efesiërs 2:1-3. Skryf in jou eie woorde wat jy daar lees.

.....



Maar God se genade (onverdiende liefde) is oorvloedig

(Efesiërs 2:4-10)

Die heerlijkheid (doxa) van God

- ✓ Jesus het die heerlijkheid van God na ons teruggebring (Johannes 1:14).
- ✓ Deur Homself te offer het Hy die skeidsmuur van sonde afgebreek.
- ✓ Deur sy Gees in ons te laat woon het Hy 'n einde gemaak aan sporadiese ontmoetings op spesifieke tye en plekke met die hulp van tussengangers. Uiterlike wettiese godsdiens is vervang met 'n deurlopende intiem-persoonlike verhouding met God, aangesien sy Gees in ons kom woon het.
- ✓ Die Gees in ons het die wet buite ons vervang. Die Gees in ons het kom doen wat die wet buite ons nie reggekry het nie (Romeine 8:3-4).
- ✓ Die kern van die Evangelie is: Christus (Gees) in ons (Kolossense 1:27).

gees = pneuma Dit is die deel van my menswees waardeur ek met God en die geestes-wêreld verbind is.	siel = psuche Dit is die deel van my menswees waar ek dink, redeneer, besluite neem, dinge aanvoel en emosies ervaar, en verhoudinge met mense kan hê.	liggaam = soma dit is die deel van my menswees waar-deur ek na buite leef en uitdrukking gee aan dit wat in my siel gebeur. My liggaam is nie as sodanig sondig nie.
Gees (vgl. Romeine 8:9)	Gees (vgl. 1 Korintiërs 2:16)	Gees (vgl. 1 Korintiërs 6:15, 19)



Die ou vlees (*sarx*) is egter nie gewillig om die beheer wat dit vir soveel jare gehad het, sommer so prys te gee nie. Dit voer 'n hewige stryd teen die Gees (Galasiërs 5:16-17). Die *sarx* probeer voortdurend om op een of ander manier weer beheer oor, of invloed op ons gees en/of siel en/of liggaam te kry. Dank God die speelveld is weereens nie gelyk nie. As ons die beheer oor ons hele menswees aan die Gees oorlaat, is dit die *sarx* wat 'n verlore stryd voer (Galasiërs 5:16). Om sonde te oorwin moet ons nie hard teen die sonde baklei nie. Ons moet beseft dat ons dood is vir die sonde en dat die sonde dus sy houvas op ons verloor het (Romeine 6:6-7 en Galasiërs 5:24).



Dit is die lewe in die Koninkryk: *Die Koning leef in ons. Die Koning leef deur ons. Deur sy Gees lewe ons die lewe van die Koning.*

Gebedsopdrag:

- † Bid oor Romeine 14:17
- † Bid oor 1 Korintiërs 4:20
- † Bid oor Galasiërs 2:20

Dag 30

Die Koninkryk is méér as dit wat sosiaal aanvaarbaar is

Dit wat die Gees wil, staan radikaal teenoor dit wat die vlees wil. Die wil van die Koning is nie 'n meer eerbare en sosiaal meer aanvaarbare uitdrukking van dit wat die vlees wil nie (vgl. Matteus 5:20). Of jy 'n vrou op straat gewelddadig verkrag, of 'n gesellinkklub besoek om jou seksdrang te bevredig, is ewe boos, al is die een sosiaal meer aanvaarbaar as die ander. Om uit 'n kristalglas dronk te word en jou roes in jou kamer te gaan afslaap mag meer aanvaarbaar wees as om uit 'n papsak dronk te word en op die sypaadjie om te val. Maar beide is die werke van die vlees. Aborsie deur 'n hoog gekwalifiseerde dokter in 'n goed toegeruste hospitaal mag wel wettig wees, maar in wese verskil dit nie van grusame plaasaanvalle nie: moord is moord. Gierigheid is sonde, of jy nou iemand anders se goed steel, en of jy suinig is en alles waarvoor jy gewerk het net vir jouself hou. Om kondome te gebruik vir seks buite die huwelik ten einde swangerskappe en/of die verspreiding van MIV/Vigs te voorkom, is sosiaal aanvaarbaar. Maar dis net so verkeerd as om met handskoene aan in te breek. Jesus het gekom om die werk van die duiwel tot niet te maak, nie om dit sosiaal meer aanvaarbaar te maak nie (1 Johannes 3:8b). Hy het sý Koninkryk kom vestig, nie bloot 'n beskawing nie. Moenie dink die Koninkryk lyk soos die "*Westerse beskawing*" nie.

Die Koninkryk kom en word sigbaar deur dit wat die Koning doen en dit wat Hy déúr ons doen. Hy werk, en ons is sy medewerkers. Hy sê wat gedoen moet word, en ons gehoorsaam Hom. Hý sê hoe dit gedoen moet word en ons val daarby in. Alles wat Hy deur ons wil doen, kan ons deur sy Gees doen. Wat Jesus in die Gees die Vader sien doen, dit doen Hy. Dit wat ons in die gees/Gees Jesus sien doen, dit doen ons ook. As ons sien Jesus bewys barmhartigheid, dan bewys ons



barmhartigheid. As ons in die gees/Gees sien Jesus maak iemand gesond, dan bid ons vir daardie persoon om gesond te word. As ons in die gees/Gees hoor Jesus wil iemand red, dan deel ons die evangelie met daardie persoon. As ons in die gees/Gees sien dat Jesus iemand nog 'n kans wil gee, dan stap ons die pad verder met daardie persoon. As ons in die gees/Gees sien Jesus gee iets weg vir iemand anders, dan maak ons ons hande oop en gee dit, ongeag hoe nodig ons dit self het. As ek sien Jesus aanvaar iemand wat nie van my volk is of aan my gemeente (kerk) behoort nie, dan is ek onmiddellik sy medewerker en omarm ek dié persoon (Romeine 15:7).

Die lewe in die Koninkryk is om die hele tyd op die Gees ingestel te wees:

Wat sien en hoor ek, wat doen die Koning?

Hoe is Hý besig om die Vader te **eer**?

Hoe is Hý besig om die Vader te **gehoorsaam**?

Hoe is Hý besig om die kwaad deur die goeie te **oorwin**?

Hoe is Hý besig om verhoudinge te **herstel**?

Wat ek ook al in die Gees sien en hoor, doen ek deur die Gees. Ek is die Koning se medewerker. As ek op die Gees bly fokus, sukkel die vlees tevergeefs om my tyd en aandag te kry.

Wat jy nié by die Koning sien of hoor nie, is nie Koninkryk nie: vloektaal en vuil grappe waar sonde as snaaks voorgehou word; alle leuens; alle ontrou; luiheid; selfsugtige planne en gierigheid; die afkraak van goddelike instellings soos die huwelik, ens.

Luister wat sê die Koning in sy Woord:

† Hoe oorwin ons die kwaad? Hoe slaag ons daarin om nie aan ons sondige begeertes (vlees) toe te gee nie? Lees Romeine 12:21 en Galasiërs 5:16.

.....
.....



Gebedsopdrag:

- † Bid dat kinders van God regtig hul vermoë om in die gees te sien en te hoor, sal oefen. Bid dat hulle ingestel sal wees op die Gees en Hom die beheer oor hulle hele lewe sal gee.
- † Bid dat ons die Koning se medewerkers sal wees. Bid dat ons beskikbaar en gehoorsaam sal wees om te doen wat Hy wil doen.

Dag 31

Die Koninkryk kom wanneer ons *God's Way* leef en boer

Amos Agrimin se visie is *Living and Farming God's Way* omdat ons oortuig is dat die Koninkryk kom wanneer ons kyk wat die Koning doen, en dit dan ook só doen. In die boekie *Living and Farming God's Way – Basics* word 'n paar *God's Way*-beginsels breedvoerig bespreek. Kry dit asseblief by www.amosagrimin.net of bestel 'n gedrukte weergawe deur 'n e-pos te stuur aan secretary@amosagrimin.net. Jy moet dit lees. Hier volg 'n baie kort opsomming van vyf belangrike *God's Way*-beginsels sonder om weer al die voorbeelde en Skrifverwysings te herhaal:

1. ***God's Way* is só radikaal anders, dit klink amper na nonsens (onsin).** Selfs die kern van die Evangelie, die boodskap van die kruis, is vir dié wêreld onsin (1 Korintiërs 1:18 en 2:14). Die manier waarop die wêreld leef en boer, is nie noodwendig *God's Way* nie, al is dit hoe mooi, tegnies, wetenskaplik, vroom en godsdienstig. *God's Way* is ook meer as om plaasgodsdienste te hou of Bybels uit te deel. *God's Way* daag jou uit om die onmoontlike te glo en aan God gehoorsaam te wees al maak sy opdrag nie sin nie. Vir die wêreld is *God's Way* dwaasheid, maar vir ons is dit die sleutel tot hemel op aarde.
2. ***God's Way* is altyd deur mense.** Daarom vra *Living and Farming God's Way* van jou om volkome beskikbaar te wees vir dit wat God wil doen. Dit vra veral van jou om baie meer tyd te maak om te bid. As ons kyk na Jesus se gebedslewe (Markus 1:35; Lukas 5:16 en 6:12), is dit duidelik dat vyf minute per dag nie genoeg is nie. God laat sy Koninkryk deur mense kom. Gelowige, gehoorsame, biddende, hardwerkende mense.



3. **God's Way is eenheid en samewerking.** Eenheid is meer as die afwesigheid van openlike konflik. Eenheid is die wese van God.
- Daar is eenheid en samewerking tussen die Vader, Seun en Gees.
 - Daar is eenheid en samewerking tussen Jesus en ons as sy liggaam.
 - Daar is 'n band van eenheid tussen almal wat in Jesus Christus glo.
- Eenheid is meer as om mekaar net te verdra ter wille van... Hierdie tipe eenheid is 'n goedkoop namaaksel van die wêreld. Die Koninkryk kom elke keer wanneer God se kinders in liefde en eenheid saamwerk oor kerk-, taal- en kultuurgrense heen.
4. **God's Way is om met oop hande te leef en te boer.** Alles wat God het en alles wat Hy is, deel Hy met ons. Van sy beeld en sy Gees, tot sy blyplek en heerskappy. Ons God en Koning het oop hande. Om te gee is meer as om net ontslae te raak van iets wat jy nie meer nodig het nie. *God's Way* vra dat ek en jy alles sal gee, óók dit wat vir ons kosbaar is. *God's Way* vra dat jy jouself sal gee. Die Koninkryk kom wanneer my en jou hande oopgaan en ons tot seën vir ander word.
5. **Jesus het God's Way kom demonstreeur deur 'n dienskneg te word.** Om te dien is veel meer as om mense te help. *God's Way* vra selfvernedering, prysgawe en opoffering. Dit is die pad wat die Koning van die Koninkryk geloop het. Die Koninkryk kom nie wanneer ek en jy oor mense heers en baasspeel nie. Die Koninkryk kom wanneer ons bereid is om te doen wat ons die Koning sien doen het: dien!

Hoe ons ook al na *God's Way* kyk, een ding is seker: **God's Way is 'n baie hoë standaard.** Dis meer as dit wat logies en/of sosiaal aanvaarbaar is. Dis radikaal anders as die wêreld se manier van dink en doen. **God's Way is Koninkryk!**

Wanneer ek en jy vir God boer, op sý manier, met sý liefde in ons harte, sý boodskap op ons lippe, terwyl ons hande besig is om sý werk te doen – dan kom sý Koninkryk. Dan kom die Koninkryk vanuit die werkplek. Dit kom van die plaas af en werk soos suurdeeg deur na die volgende plaas. Dan word jy en jou plaas 'n bron en simbool van seën (vgl. Sagaria 8:12-13 in die Nuwe Lewende Vertaling).

Living and Farming God's Way: It's not a slogan, it's a lifestyle. Dit is die lewenstyl in die Koninkryk. En dit is moontlik, want die Koning leef



deur sy Gees in elke burger van sy Koninkryk.

Gebedsopdrag:

- † Bid dat die visie van AMOS nie vir landbouers net 'n mooi slagspreuk sal wees nie, maar dat dit 'n lewenswyse dwarsoor Afrika sal word.
- † Bid vir die koms van die Koninkryk van God in die landbou en beywer jou daarvoor.

Kom ons stel 'n paar van die werklikhede van die twee koninkryke teenoor mekaar sodat ons die verskil duidelik kan sien. Die probleem is egter dat ons, al is ons reeds burgers van die Koninkryk van God, dikwels nog dink en redeneer soos burgers van die KvD. Ons is so gewoond aan hierdie wêreldse manier van dink, dat ons dit nie oornag afleer nie.

God (dit is die Gees van die Koning in ons) moet ons **denke vernuwe** sodat ons nie langer dink en redeneer soos vroeër toe ons burgers van die Koninkryk van Duisternis (KvD) was nie. Dié Gees bring 'n nuwe hartsoortuiging oor wie God is en wat my ware identiteit in Christus is. Die Gees laat my soos Christus dink oor my werk, my grond en my gemeenskap. Die Gees bring waarheid en Waarheid (dit is Jesus – Johannes 14:6) en verdryf die ou leuens wat ek altyd geglo het. Leuens wat dood en verwoesting in my hele menswees tot gevolg gehad het.

Dag 32

Die Koninkryk kom wanneer diskriminasie gaan

Koninkryk van God:

In die Koninkryk van God is daar géén diskriminasie nie. Jy is gees, siel en liggaam (1 Tessalonisense 5:23). Jou identiteit word deur al drie bepaal, nie net deur jou fisiese geboorte nie. As jy aan Christus behoort, is jy 'n nuwe mens (2 Korintiërs 5:17). Kyk weer na die skets by Dag 29. Nuwe Gees - nuwe mens - nuwe identiteit! In die Koninkryk van God word my en jou identiteit nie bepaal deur ons persoonlikheid, ons optrede, ons geslag, velkleur of sosiale status nie. In die Koninkryk van God word ons identiteit enkel en alleen bepaal deur die Gees wat in ons woon omdat ons in Jesus Christus glo.



Luister wat sê die Koning in sy Woord:

† Lees Galasiërs 3:26-29 en 5:5-6. Watter onderskeid bestaan nie meer in die Koninkryk van God nie? Noem drie.

.....
.....

† Lees Efesiërs 2:11-22. Wat hoor jy?

.....

Die verskil tussen mans en vroue; tussen werkgewers en werknemers; tussen ryk en arm, asook tussen volke, lê nie een op die vlak van die gees nie. Dit het hoofsaaklik te doen met die vorm en kleur van die vleis-tent (2 Korintiërs 5:1-5) en die verhouding tussen mense op die vlak van die siel. Daarom is rassisme, seksisme en klasse-diskriminasie 'n baie oppervlakkige en wêreldse manier om na mense te kyk. Dit kyk die ware identiteit van mede-burgers mis. Al het ons dit vroeër ook gedoen, beoordeel ons nou niemand meer volgens hulle vleis-tent nie (kleur, geslag of voorkoms), want die mens is meer as net 'n vleis-tent. Almal wat in Christus glo is nuwe mense (2 Korintiërs 5:16-18a).

In die Koninkryk fokus ons op **eenheid** tussen God se kinders. Omdat ons in die Gees kyk, sien ons dat Christus nie tussen werkgewer en werknemer diskrimineer nie. Daarom doen ons dit ook nie. Ons sien dat Christus geen onderskeid tussen man en vrou maak nie, daarom doen ons dit ook nie. Die waarde van 'n plaaskind is vir Christus net so groot as die waarde van die minister van landbou. Daarom eer en respekteer ons beide. Man en vrou se rol en funksie verskil, so ook werkgewer en werknemer, maar dit bied geen grond vir diskriminasie nie. Omdat ons mense geestelik beoordeel, vind ons geen grond vir diskriminasie nie.

Koninkryk van Duisternis:

Hier is diskriminasie aan die orde van die dag. Mans dink hulle is beter as vroue en vroue dink hulle is beter as mans. Werkgewers speel baas oor werkers en rykes eien hulle die reg toe om oor armes te heers. Die rassekaart word gedurig in politiek gespeel en



in baie kerke (wat nog vleeslik is) is almal nie ewe welkom nie. In die KvD word nie net gediskrimineer nie – mense is vyandig teenoor mekaar (Efesiërs 2:14-16). Hulle is haatlik en haat mekaar (Titus 3:3). Elke verskil tussen mense word oorbeklemtoon en dien as basis om te diskrimineer. Agteraf word gedurig beledigende en verkleinerende opmerkings gemaak.

Fokus op mense se identiteit in Christus en die band van eenheid wat die Gees tussen gelowiges in die Koninkryk van God lê, dan sal jy diskriminasie oorwin. Christus het op ons eenheid gefokus en nie op ons verskille nie (Johannes 17:20-23).

Gebedsopdrag:

- † Bid teen alle vorme van diskriminasie tussen God se kinders in die landbou en in die kerk. Bid dat gelowiges mekaar in liefde sal aanvaar op grond daarvan dat hulle almal een en dieselfde Gees het.
- † Bid vir eenheid tussen alle Christene.

Dag 33

Oorwinning in die Koninkryk

Koninkryk van God:

In dié Koninkryk word oorwinning behaal deur **geloof** en **gehoorsaamheid** aan God! Geloof en gehoorsaamheid kan nie van mekaar geskei word nie. Wie glo, gehoorsaam! Reeds in die Ou Testament lees ons dat oorwinning nie deur krag en geweld, óf deur 'n sterk weermag behaal word nie. Dit is die HERE God wat die oorwinning behaal en dit aan sy volk gee (Psalm 33:13-19 en Spreuke 21:31). Hoe min en swak die volk is en/of hoe sterk die vyand is, speel geen rol nie. Oorwinning is eintlik 'n **staan-en-kyk** storie. Dis om in die geloof te staan en kyk hoe die Here die oorwinning behaal.

Luister na die Woord van die Koning:

- † Wat moes die volk doen toe hulle vasgekeer was tussen die see en die Egiptiese weermag? (Eksodus 14:13-14)*

.....



† *Wat lei tot die situasie in Deuteronomium 28:7? Lees 28:1-15, maar let veral op vers 1-2.*

.....

† *Hoeveel mense is nodig om 'n oorwinning te behaal? (1 Samuel 14:6)*

.....

† *In die tyd van Koning Josafat is die volk bedreig deur 'n magtige leër. Wat het hy in 2 Kronieke 20:6 gebid?*

.....

† *Wat het die Gees deur Jagasiël gesê? (2 Kronieke 20:15-17)*

.....

† *Wat het koning Josafat gedoen en hoe is die oorwinning behaal? (2 Kronieke 20:20-27)*

.....

Deur die profeet Sagaria sê God: *Nie met mag en krag sal jy slaag nie, maar deur my Gees, sê die Here die Almagtige* (Sagaria 4:6).

Dit is deur die Gees dat Jesus die oorwinning oor die versoekings van die duiwel behaal het (Matteus 3:16 - 4:11). Deur sy gehoorsaamheid tot die dood het Hy die Bose oorwin (Filippense 2:8). Ook Paulus beklemtoon dat oorwinning deur gehoorsaamheid behaal word. Hy sê sy wapens vir aanval en verdediging (wapen in regter- en linkerhand) is om die wil van God te doen (1 Korintiërs 6:7).



Luister na die Woord van die Koning:

† *Wat sal die duiwel doen as jy hom teenstaan? (Jakobus 4:7b)*

.....

† *Hoekom en wanneer sal die duiwel dit doen? (Jakobus 4:7a)*

.....

† *Hoe behaal burgers van God se Koninkryk die oorwinning volgens 1 Johannes 5:3-5? Skryf twee woorde neer.*

.....

Koninkryk van Duisternis:

Hier word krag en geweld gebruik om ten alle koste te wen! Hier is magsmisbruik, manipulasie en intimidasie, omkoperij, dreigemente en “slim” plannetjies die wapens wat mense gebruik om hulle sin te kry en hulle selfsugtige begeertes te bevredig. In die KvD is vuil spel die in-ding. Eintlik bestaan daar nie eers spelreëls nie, net ’n doelwit: Wen! Daarom kan jy selfs lieg en bedrieg, solank jy net wen. Hier glo mense dat jy net gewen het as iemand anders verloor het.

Die probleem is dat ek en jy in die Koninkryk van God steeds oorwinnings probeer behaal met die ou wapens waaraan ons so gewoond was en wat die wêreld rondom ons steeds gebruik. Wanneer ’n familietwis oor ’n testament ontstaan, baklei ons deur prokureurs en advokate totdat daar niks van die erflating oorbly nie. Ten alle koste wil ons ons sin kry. Wanneer oor grond, lone en pryse gestry word, hou ons vergaderings, mobiliseer ons drukgroepe, formuleer logiese argumente, verkleineer die wat van ons verskil en wys op praktiese redes waarom nêr ons reg is. In sulke situasies maak Lukas 6:27-36 en 1 Korintiërs 6:1-8 vir ons geen sin nie. As iemand jou dwing om sy goed een kilometer te dra, waarom moet jy dit uit vrye wil ’n tweede kilometer dra (Matteus 5:41)? Om te dink jy kan oorwin deur gehoorsaam te wees aan opdragte soos dié in Lukas 6, is dwaasheid. “*Ek kan tog nie toelaat dat almal op my trap nie. Ek sal altyd aan die kortste end trek*” – is ons reaksie. Jy het geloof in die regverdige Koning nodig om dié opdragte te gehoorsaam. In die oë van die wêreld het jy net gewen as jy jou sin gekry het. In die Koninkryk van God het jy gewen as jy gehoorsaam was, al het jy nie jou sin gekry nie.



Om finansiële probleme te oorwin, moet jy heel eerste na die wil van die Koning vra. Glo Hom en volg sy raad, dan sal jy beslis wen. Sy raad maak dikwels nie logies sin nie. Dis so anders as die van die wêreld. Daarom sal jy dit nie volg as jy Hom nie glo en vertrou nie. Wanneer jy begin doen wat Hy sê, vind wonderwerke plaas. God voorsien op alledaagse en buitengewone maniere.

Gebedsopdrag:

- † Bid: Here, leer my dat oorwinning deur geloof en gehoorsaamheid behaal word en nie deur krag en geweld nie.
- † Bid vir die vernietiging van al die tegnieke en metodes eie aan die KvD, wat jy steeds gebruik om jou sin te kry.

Dag 34 **Jy kan ontspan**

Koninkryk van God:

Burgers van God se Koninkryk kan ontspan! “*Genoeg is genoeg!*” sê hulle Koning. Die één offer van Jesus was genoeg om ons vir altyd van alle sonde vry te maak. Geen offer is meer nodig nie (Johannes 19:30, asook Hebreërs 9:26 en 10:14-18). God is tevrede, Hy hoef nie gepaai te word nie. In sy Koninkryk is daar geen veroordeling meer nie (Romeine 8:1), want almal is in Christus. Burgers is vrygespreek. Die verhouding tussen hulle en God is herstel en daar is vrede (Romeine 5:1). Ook die volmaakte gehoorsaamheid van Jesus is genoeg. Omdat ons glo, word sy gehoorsaamheid, geregtigheid en heiligheid vir ons toegereken (1 Korintiërs 1:30 en 2 Korintiërs 5:21). Hy gee sy volmaakte verhouding met die Vader vir alle burgers as geskenk. Sý prestasie was groot genoeg om ons vir altyd vir God meer as 100% aanvaarbaar te maak. Burgers kan niks doen om méér aanvaarbaar vir God te wees nie. God aanvaar ons nie op grond van wat ons doen nie, maar op grond van wat Jesus gedoen het.

Luister na die Woord van die Koning:

- † *Wat was Jesus se laaste woorde volgens Johannes 19:30?*
-



Koninkryk van Duisternis:

Hier moet burgers aanhou presteer! Nimmereindigende offers, werke en prestasies is nodig om die gode en die geeste gelukkig te hou. Maar selfs al sou jy hulle gepaai kry, bly hulle nie lank tevrede nie. Gou-gou soek hulle nog iets van jou. Dis 'n uitputtende besigheid, want sodra jy ophou presteer, word jy nie meer aanvaar nie en is jy nie meer veilig nie. Dan kom hulle jou weer by. Maar dis nie net vrees vir gode en geeste in die KvD wat mense dryf om te presteer nie. Dis ook die soeke na eiewaarde en die vrees vir verwerping. Burgers van die KvD is oortuig hulle waarde lê in wat hulle doen en nie in wie hulle is nie. Omdat hulle dié leuen glo, móét hulle gedurig presteer om van waarde te voel en aanvaar te word. Ook dít is 'n uitputtende besigheid.

In die KvD was ons so gewoon daaraan dat ons iets moes doen om mense, gode en geeste se guns te wen en aanvaar te word, dat ons selfs nadat ons burgers van die Koninkryk van God geword het, steeds dink ons moet presteer, anders gaan God ons ook nie aanvaar nie. Die prestasiegedrewe samelewing waarin ons leef, versterk daaglik hierdie valse oortuiging. Moenie dat die werke-besigheid jou van jou vrede en rus beroof nie. Omdat jy 'n kind van die Koning is en nie 'n slaaf in sy Koninkryk nie, kan jy dikwels ontspan en somer net niks doen. Jy kan 'n *“human being”* wees en hoef nie 'n *“human doing”* te wees nie. Jy kan en moet gereeld saam met jou familie en werkers feesvier en somer net al die goeie dinge in die Koninkryk van God geniet. Jy hoef nie die grootste en beste boer in die distrik te wees om deur God aanvaar te word nie. Jy hoef nie altyd vir almal *ja* te sê wat wil hê jy moet iets vir of namens hulle doen nie. Jou dagboek hoef nie oorvol te wees om God en mense te beïndruk nie. Jy kan in die rus van God lewe en boer – selfs al werk jy hard.

Gebedsopdrag:

- † Dank die Koning dat Hý sê: *Genoeg is genoeg!* Dank Hom dat Hy ons vrygemaak het van die verpligting om altyd nog iets te móét doen om geliefd te wees en aanvaar te word.
- † Vra die Here om jou rus te gee.
- † Bid dat die landbougemeenskap sal vry kom van prestasiegedrewe godsdiens waarin hulle hulself vir God aanvaarbaar probeer maak deur 'n klomp goed te doen, sekere gewoontes te los of rituele uit te voer. Bid dat hulle in Jesus Christus sal glo.



Dag 35

Jy kan seker wees

Koninkryk van God:

As jy ooit die geleentheid gehad het om meneer Nelson Mandela persoonlik te ontmoet en sy hand te skud, sal jy dit weet. Jy sal nie wonder, twyfel, dink of hoop dit het gebeur nie. Jy sal dit weet! Net so weet God se kinders dat Hy hulle Vader en Jesus hulle Here en Koning is. Hierdie sekerheid is nodig om die lewe voluit te leef. Elke keer as ek die eerste keer na 'n plek moet ry en nog nie die pad ken nie, bou daar onsekerheid, spanning en vrees in my op. Gaan ek die plek kry? Gaan ek betyds wees? Is ek hoegenaamd op die regte pad? Skielik sien ek 'n padteken wat die rigting en die afstand aandui. In 'n oomblik verdryf sekerheid al die emosies van spanning en vrees. Die res van die pad is lekker. Ek geniet dit! Sekerheid maak altyd 'n baie groot verskil in mense se lewe. Dit maak die lewe 'n totaal ander ervaring!

God se kinders kan seker wees van die ewige lewe (1 Johannes 5:12-13), van die liefde van God (Johannes 3:16 en Romeine 8:31-39) en van al sy beloftes, want God kan nie lieg nie (Numeri 23:19 en Titus 1:2). Hulle kan seker wees van God self. Hulle glo nie net in God nie, hulle glo God! (Daar is 'n baie groot verskil tussen dié twee!) Hy is heilig en kan niks doen wat verkeerd en sleg is nie (1 Petrus 1:16 en Johannes 8:46). God het nie 'n skadukant nie (1 Johannes 1:5). Hy het nie 'n donker kant waarvan ek en jy onseker hoef te wees nie. Selfs al is jy soms onseker oor wat God gaan doen, kan jy altyd volkome seker wees van sy betroubare karakter. Hy is nie vandag sus en môre so nie. Die Koning het nie 'n gesplete persoonlikheid nie.

Luister wat sê die Koning in sy Woord:

† *Wat leer jy van die Koning in Hebreërs 13:8?*

.....

Koninkryk van Duisternis:

Hier leef burgers in onsekerheid en vrees! Daar is geen sekerheid in die KvD nie, want die duiwel is die vader van die leuen (Johannes 8:44). Sy oggend- en aand-praatjies stem nooit ooreen nie. Sy handlangers is ook soos hy. Die gode en geeste is vol grille en giere, onvoorspelbaar, onbetroubaar en immoreel. Jy weet nooit



waar jy met hulle staan nie. Stel jy dié een tydelik tevrede, dan is die volgende een ontevrede. Spring jy dié een se aanval vry, trap jy in die volgende een se strik. Jy kan niemand vertrou nie, want mense word en is soos die gode wat hulle aanbid – wispelturig en onbetroubaar. Goeie verhoudinge is onmoontlik, want 'n goeie verhouding kan net bestaan as daar sekerheid en vertrou is.

Die probleem is dat ons so gewoon geword het aan die onsekerheid, die onbetroubaarheid en onvoorspelbaarheid van die gode en geeste in die KvD, dat ons nou as burgers van God se Koninkryk steeds met onsekerheid leef. Omdat ons nie die ou gode kon vertrou nie, dink ons ons kan God ook nie vertrou nie. Omdat die duiwel (en mense) gedurig vir ons lieg, dink ons dat ons God ook nie op sy Woord kan neem nie. Jy kan egter meer seker wees van God se beloftes as van geld wat jy in die bank het. Jy kan met sekerheid lewe sonder om alles te sien of te verstaan. Jy kan besluite neem op grond van God se Woord en beloftes, jy hoef nie alles te glo wat die wêreld jou wil wysmaak nie. Onthou, die Koninkryk kom wanneer jy God glo; wanneer jy seker is dat Hy is wie Hy sê Hy is; wanneer jy so oortuig is van sy betroubare beloftes dat jy bereid is om op grond daarvan groot besluite te neem.

Gebedsopdrag:

- † As jy steeds met onsekerheid lewe, bely dit.
- † Bid dat jy en jou huis God sal glo en nie net in Hom sal glo nie.
- † Vra die Here om die landbougemeenskap te help om te glo dat Hy is Wie Hy sê Hy is. Om die betroubaarheid van sy beloftes te glo.

Dag 36 **Liefde verdryf vrees**

Koninkryk van God:

God is liefde (1 Johannes 4:8) en Hy het sy liefde deur die Heilige Gees in ons harte uitgestort (Romeine 5:5). Liefde is nie *iets* wat God in die hart van die burgers van sy Koninkryk sit nie. Dis *iemand* wat in die hart van sy kinders kom leef: Die Gees van Koning Jesus! Die Gees is liefde, want God is liefde. Daarom kan Paulus met soveel sekerheid skryf dat niks ons ooit kan skei van die Liefde van God nie. Ons gees en die Gees van God wat in ons woon is een. Ons, Jesus en die Vader het nou almal dieselfde Gees, daarom is ons een (Johannes 17:20-23).



Luister wat sê die Koning in sy Woord:

† Lees Romeine 8:35-39.

.....

Ons geniet God se permanente en onvoorwaardelike liefde. Daarom moet ons Hom ook met ons hele menswees liefhê.

† Lees Matteus 22:37. Met wat moet jy God liefhê?

.....

Om te sê jy moet God liefhê met jou hele hart, hele siel, hele verstand en al jou kragte, beteken jy moet die Gees (Liefde) toelaat om jou hele menswees (gees, siel en liggaam) te beheer. Wanneer jy die Gees toelaat om beheer oor jou siel (wil, intellek, emosies) en jou liggaam te neem, is die spontane gevolg die vrug van die Gees, naamlik liefde (Galasiërs 5:22-23). Liefde, bewondering en dankbaarheid teenoor God motiveer ons om Hom te dien en te gehoorsaam. Dié liefde verdryf alle vrees (1 Johannes 4:18). Die Koninkryk van God is 'n plek waar daar nie rede of plek vir vrees is nie!

Koninkryk van Duisternis:

Hier leef die burgers in vrees vir straf! Hulle is bang vir die dood en dié vrees beheer hulle hele menswees net soos 'n slaaf destyds heeltemal deur sy eienaar beheer is (Hebreërs 2:14-15). Daarom word hulle deur vrees gemotiveer en gedryf om mense, gode en geeste wat meer mag as hulle het, te gehoorsaam en te dien. Daar is geen innerlike rus en vrede nie. Daar is geen liefde vir hulle god, gode of geeste nie. Daar is geen ervaring dat die gode en geeste hulle liefhet en aanvaar nie. Daarom is daar geen vreugde in hulle godsdiens nie, net vrees. Die KvD is 'n vreeslike plek!

Die probleem is dat ons so gewoond geword het aan vrees as motivering om iets te doen, dat ons in die Koninkryk van God steeds 'n klomp goed doen omdat ons vir God bang is, en nie omdat ons Hom liefhet nie. Ons leer dit selfs vir ons kinders. Ons probeer hulle motiveer met die gedagte: As jy nie dit of dat doen nie, gaan God jou straf. Dan word kinders bang vir God, in plaas van lief vir Hom. Dan dien ons God omdat ons



die hel vrees en nie omdat ons Hom liefhet nie. Ons hele lewe word deur vrees gedryf – veral die vrees vir verwerping en/of skade. Moenie finansiële besluite neem omdat jy bang is vir die onbekende toekoms nie. Neem jou besluite op grond van jou liefde vir jou Koning. Moenie jou Bybel lees, bid of kerk toe gaan omdat jy bang is dat as jy dit nie doen nie, gaan jy moeilikheid by God kry. Nee, doen dit omdat jy graag wil hoor watter goeie raad en advies die Koning vir jou wil gee omdat Hy jou baie, baie liefhet. Omdat God jou liefhet, kan jy maar doen wat Hy sê. Al sy opdragte is goed. Dit hou vir jou baie voordele in om dit te gehoorsaam. Gehoorsaam Hom omdat jy Hom liefhet.

Luister wat sê die Koning in sy Woord:

† *Lees Johannes 14 vers 15, 21 en 23. Wat gebeur wanneer mense God liefhet?*

.....

† *Watter twee goed kan nie saam in een hart bly nie? Lees 1 Johannes 4:18.*

.....

Gebedsopdrag:

† Bid Efesiërs 3:14-21 vir jouself, jou familie, personeel en die hele landbougemeenskap.

Dag 37

Sing oor die mag en gesag van die Koning

Koninkryk van God:

Burgers sing oor die mag en gesag van die Koning. Kolossense 1:15-20 is 'n lied! Die feit dat Hy alle mag en gesag in die hemel en op aarde het (Matteus 28:18), bied troos, bemoediging, motivering en beskerming aan almal in sý Koninkryk. Al kry hulle swaar, kan hulle moed hou, want hulle Koning het reeds die wêreld oorwin (Johannes 16:33). Hulle kan na al die nasies gaan en dissipels gaan maak, al is hulle min. As mense hulle dreig, roep hulle hul Koning se hulp in (Handelinge 4:29-31). Selfs vir die dood is hulle nie doodbang nie (Filippense 1:21 en 1 Korintiërs 15:54-55, asook Hebreërs 2:14-15). Omdat die Koning alles vir sy mense ten goede



laat meewerk (Romeine 8:28) en omdat Hy sy mag gebruik om hulle trane af te droog (Psalm 30:6 en 12, asook Openbaring 21:4), is die burgers in sý Koninkryk 'n singende volk. Ja, selfs as dit nag is in hulle lewe, gee Hy hulle 'n lied in die mond (Job 35:10, Psalm 42:9 en Handeling 16:25).

Koninkryk van Duisternis:

Die mag van gode/geeste is 'n bedreiging vir die burgers! Daarom leef hulle in vrees en bewing. Hulle is letterlik bang vir alles: vir die onbekende (die dood en alles wat hulle nie weet of verstaan nie), die noodlot, natuurverskynsels, geeste van dooie mense, demone, vloeke, ens. Daarom is hulle so bygelowig. Hulle leef letterlik 'n "vreeslike" lewe! Ek vlieg by geleentheid uit Zimbabwe terug na SA. Op my kaartjie is aangedui dat ek in ry 14 sit. Toe ek ry 12 sien, aanvaar ek dat ry 14 twee rye verder is. Ek wil daar gaan sit, maar dié sitplek is reeds geneem. Dié persoon verseker my dat hy in ry 15 sit. Dis toe dat ek al die sitpleknommers noukeurig nagaan. En sowaar, daar bestaan nie 'n ry 13 nie. Na ry 12 volg ry 14. Verbeel jou, selfs mense met die tegniese vaardigheid om groot vliegtuie te bou, is bang vir die getal 13.

Die gevaar bestaan dat ons, in plaas daarvan om te sing, dikwels steeds bang is vir al die goed wat ongelowige en ongeredde mense vrees. Omdat alle mag en gesag aan ons Koning behoort, is daar letterlik niks om voor bang te wees nie. Ons is veilig in die hand van ons Koning. Moenie God se almag as 'n bedreiging sien nie – dis jou beskerming! Om toe te laat dat bygelowe jou lewe bepaal, is niks anders as afgodery nie. Dit is om aan goed mag en gesag oor jou lewe te gee wat hulle nie behoort te hê nie. Afgode is niks! Al mag wat hulle oor jou het, is die mag wat jy aan hulle gee (Jesaja 44:9-20 en 1 Korintiërs 8:4-7). Vloeke wat ander oor jou uitspreek, kan jou geen skade aandoen nie, solank jy in Christus bly.

Luister wat sê die Koning in sy Woord:

† Lees Spreuke 26:2.

.....

† Lees 1 Johannes 4:4.

.....



Gebedsopdrag:

- † Bid en sing oor die mag van die Koning. Dank, loof en prys Hom.
- † Bid dat die landbougemeenskap dwarsoor Afrika verlos sal word van afgodery, bygeloof en vrees. Bid dat Afrika sal sing oor die mag en gesag van die Here Jesus Christus.

Dag 38
Vry! Vry! Vry! Heeltemal vry!

Koninkryk van God:

Hier is burgers vry, heeltemal vry! Hulle is vry van die mag van sonde en hulle is vry om vir God te lewe. Hulle is vry van veroordeling en vry van vrees. As Christene leef ons nie net na die kruis toe nie, ons leef ook weg van die kruis af. Ons neem nie net ons sonde na die kruis toe nie, ons leef in oorwinning op grond van die kruis.

Luister wat sê die Koning in sy Woord:

- † *Lees Romeine 6:6-11. Ons is losgemaak van iets, om iets anders te gaan doen. Wat?*
-
-

- † *Waarvan is almal wat in Jesus Christus is, vry? (Romeine 8:1)*
-

- † *Waarvan kan ons volgens 1 Johannes 4:18 vry wees?*
-

- † *Waar kom al dié vryheid vandaan volgens Johannes 8:34-35?*
-



Die Koning het ons uitgeruk uit die mag van duisternis. Hy het ons weer in 'n posisie geplaas om oor die duiwel, die wêreld en ons eie sondige natuur te heers (Efesiërs 2:4-6 en Jakobus 4:7, asook Romeine 6:1-18). Ek en jy hoef nie sonde te doen nie. Ons kan die Bose oorwin (1 Johannes 2:12-15). Die Bose het sy greep op ons verloor en hy is nie langer ons baas nie. Hy kan ons nie intimideer om hom te gehoorsaam nie. Ons is vry en kan die wil van God doen (1 Johannes 3:8-9). Ons leef onder beheer van die Gees van die Koning (Romeine 8:9 en 14) en waar die Gees is, is daar vryheid (1 Korintiërs 3:17).

Koninkryk van Duisternis:

Burgers van die KvD is slawe! Oorheers en uitgelewer aan sonde en bese magte (Efesiërs 2:1-3; Romeine 6:17a). Nogtans glo hulle dat hulle vry is.

Die wêreld glo 'n leuen. Hulle dink 'n mens is vry as jy self kan kies wat jy wil doen. Omdat hulle ten alle koste hierdie vryheid wil behou, verloor hulle juis hul vryheid. (Die woorde van Jesus in Matteus 16:25 is ook hier van toepassing.) Hulle word slawe van die sonde. Jy is nie vry wanneer jy self kan kies nie. Jy is eers vry as jy reg gekies het. Daarom waarsku Paulus die Galasiërs dat hulle nie hulle vryheid verkeerd moet gebruik nie, want dit gaan hulle weer slawe maak (Galasiërs 5:1 en 13). Waarop kom dit neer? Selfs in die Koninkryk neem God nie jou keusevryheid van jou af weg nie. Hy intimideer jou nie, maar stel jou in staat om reg te kies. Hy sê vir jou watter goeie gevolge die regte keuse gaan hê, maar ook watter slegte gevolge 'n verkeerde keuse gaan hê. ***Dan laat Hy dit in my en jou hande om self die besluit te neem.*** Omdat God mense so gemaak het dat hulle self besluite kan neem, gebeur daar baie dinge in hierdie wêreld wat téén die wil van God is. Ons durf Hom nie daarvoor blameer nie (Spreek 19:3). God het ons geskep om te heers (Genesis 1:28, Psalm 8:4-9 en Hebreërs 2:8) en deur Christus het Hy jou heraan gestel om te heers. In die Koninkryk van God is jy steeds vry om oor die skepping, jou grond, jou eiendom, vee en geld te heers soos jy wil. Hoe jy dit doen het egter gevolge. Maak dus elke keuse onder leiding van die Gees en die Woord, dan sal jy jou vryheid behou.

Dit het implikasies vir ons kinderopvoeding, asook arbeids- en menseverhoudinge. Moenie oor mense heers deur hulle te manipuleer en geen vryheid te gee nie. Leer hulle egter reg van die begin af: Elke keuse het 'n gevolg – goed of sleg. Jy is eers vry wanneer jy reg gekies het. Dis 'n koninkryksbeginsel! Gee dus ander die vryheid om self te besluit wat hulle gaan doen, maar moet hulle nie die voorreg ontnem om ook uit pyn en swaarkry te leer wat die gevolg van verkeerde keuses is nie. Dis waardevolle opvoeding vir die lewe in die Koninkryk van God.



Gebedsopdrag:

- † Bely voor die Here dat ons Hom dikwels die skuld gee vir die slegte gevolge van dinge wat ons in ongehoorsaamheid aan Hom doen.
- † Dank die Here dat Hy ons in staat stel om sy wil te doen en oor sonde te heers.
- † Bid dat Christen-landbouers deur die regte keuses te maak, hulle vryheid sal behou.

Dag 39

Wees nederig en afhanklik

Koninkryk van God:

In Matteus 5 tot 7 onderrig Jesus die mense oor die lewe in die Koninkryk. Die heel eerste ding wat Hy hulle leer is: Geseënd en gelukkig is die wat weet hoe afhanklik hulle van God is (Matteus 5:3). Grootheid in die Koninkryk van God het alles te doen met kinderlike geloof en nederigheid (Matteus 18:1-4). Vroeër het ons al geleer dat dit alles oor die Koning gaan. Uit Hom, deur Hom en tot Hom is alle dinge (Kolossense 1:15-17 en Romeine 11:36).

Luister wat sê die Koning in sy Woord:

- † *Waarvoor is ons alles van Hom afhanklik volgens Handeling 17:25 en 28?*

.....

Koninkryk van Duisternis:

Hoogmoed en verwaandheid is hier aan die orde van die dag! Hoogmoed het daartoe gelei dat die Satan, wat eers 'n engel was, saam met 'n derde van al die engele wat in opstand teen God gekom het, uit die hemel gegooi is (2 Petrus 2:4 en Judas:6). Die burgers van die Kvd het presies dieselfde eienskappe as hulle "vader". Hulle word in 2 Timoteus 3:2-4 beskryf met woorde soos selfsugtig, grootpraterig, verwaand, beledigend, onversoenlik en hooghartig. Hoogmoed en verwaandheid is 'n wortelsonde wat tot al die ander sondes wat in 2 Timoteus 3 genoem word, aanleiding gee. Dit voed en versterk die eie-ek.



Dit is só hartseer dat hoogmoed en verwaandheid wat in die KvD tuishoort, so maklik en só dikwels in die Koninkryk van God kop uitsteek. Luister hoe praat God se kinders oor ander kerke en ander Christene. Kyk hoe sukkel Christene om met mekaar saam te werk (1 Korintiërs 3:1-9).

Luister wat sê die Koning in sy Woord:

† Lees 1 Korintiërs 4:5-8a. Wat het die gelowiges vergeet?

.....

† Watter verkeerde gesindheid word in 1 Korintiërs 4:18-20 uitgewys? Waaroor gaan dit nie in die Koninkryk van God nie en waaroor gaan dit wel?

.....

As jy moontlik dink hoogmoed en verwaandheid is van die “meer aanvaarbare sondes”, maak jy ’n baie groot fout. In Jakobus 4:6b staan: *God is téén mense wat te veel van hulleself dink, maar aan dié wat besef hoe afhanklik hulle van God is, gee Hy sy onverdiende goedheid* (Nuwe Lewende Vertaling). Skryf Jakobus 4:7 hier in jou eie woorde:

.....

.....

Hoogmoed is totaal onaanvaarbaar en onvanpas in die Koninkryk van God. Omdat ons so sukkel om daarvan ontslae te raak, sal dit goed wees om weer te lees wat die Koning self daarvoor te sê het:

- † Spreuke 6:16-17
- † Spreuke 15:25
- † Spreuke 16:18
- † Spreuke 17:19
- † Spreuke 18:12
- † Spreuke 29:23
- † Sefanja 3:12
- † Lukas 18:14



- † Handeling 12:22-23
- † 1 Petrus 5:5

Beterweterigheid, rassisme, fyngevoeligheid, skynheiligheid, kwaadpraterij, kerkisme en snobisme, maar ook minderwaardigheid en selfbejammering is verskillende vorme van hoogmoed. In alle gevalle draai alles om myself. Die dinge lewer geen bydrae tot die koms van die Koninkryk van God nie. Inteendeel – as ek en jy dit doen, gee ons ander goeie rede om kwaad te praat van God se Koninkryk.

Onthou, daar is 'n groot verskil tussen minderwaardigheid en nederigheid. As jy minderwaardig voel, is dit omdat jy nie glo dat jy is wie God sê jy is nie. Dan aanvaar jy nie die nuwe identiteit wat Hy jou gegee het nie. Jesus was en is nederig (2 Korintiërs 10:1), maar Hy het nie minderwaardig gevoel nie. Hy het sy identiteit en roeping 100% verstaan. Aanvaar jou identiteit en hoë roeping, maar bly nederig. Landbouers in Afrika: Moenie minderwaardig voel omdat baie nog hulle lande met die hand bewerk nie. Moenie minderwaardig voel in vergelyking met Amerika of Europa nie. Dis tyd om op te staan. Kom ons aanvaar ons roeping om Afrika te voed. Kom ons doen dinge God's Way (*volgens hoë standaarde, op die regte tyd, sonder verkwisting en met vreugde*).

Gebedsopdrag:

- † Bely ALLE hoogmoed en verwaandheid. Raak daarvan ontslae deur die krag van die Heilige Gees.
- † Dank die Here dat Hy ons in staat stel om sy wil te doen en oor sonde te heers.

Dag 40

Die Koninkryk kom wanneer ons *oorgee, omgee en aangee*

Die Koninkryk van God kom wanneer ek en jy mense word soos ons Koning en dissipels maak wat soos ons Koning is. Jesus het dissipelskap met sy eie lewe gedefinieer. Ons Koning se hele lewe is gekenmerk deur *oorgee, omgee en aangee*.

OORGEE:

- ✓ Omdat Jesus die Vader *liefhê*, was Hy volkome *gehoorsaam* aan die Vader (Johannes 14:31);
- ✓ Hy het geen ander *doel* nagestreef nie as net die *plan* wat die Vader vir Hom gehad het (Johannes 4:34);



- ✓ Hy was gedurig in *gesprek* met die Vader en het vir mense net *gesê* wat Hy by die Vader *gehoor* het (Lukas 5:16, asook Johannes 14:10 en 24);
- ✓ Hy het sy roeping en opdrag volledig uitgevoer (Johannes 17:4);
- ✓ Hy was bereid om aan die kruis te sterf – só volledig was Hy oorgegee aan die wil van sy Vader (Filippense 2:8)!

OMGEE:

- ✓ Uit Jesus se bediening is dit duidelik dat Hy vir *alle mense* omgee het;
- ✓ Hy het ook vir die *hele mens* (gees, siel en liggaam) omgee;
- ✓ Hy was bereid om aan die kruis te sterf – dit is die mate waarin Hy vir ons omgee het (Johannes 13:1 en 1 Johannes 3:16);

AANGEE:

- ✓ Hy was God se Gestuurde (Johannes 3:17 en 1 Johannes 4:9-10), sy Apostel (Hebreërs 3:1);
- ✓ Hy was bereid om aan die kruis te sterf – so verbind (committed) was Hy om verlossing en oorwinning vir ons aan te gee. (Kolossense 2:14 en Hebreërs 10:10 en 14);
- ✓ Jesus het sý gehoorsaamheid, sý heiligheid en sý geregtigheid (sy volmaakte verhouding met die Vader) as geskenk vir my en jou aangegee.

Wie ek en jy vandag in Christus is en watter voorregte ons as burgers van sy Koninkryk geniet, het ons ALLES te danke aan Jesus se *oorgee*, *omgee* en *aangee*.

Die Koninkryk kom wanneer ek en jy *oorgee-*, *omgee-* en *aangee-* mense word; wanneer ons die Koning van die Koninkryk die geleentheid gee om sy *oorgee-*, *omgee-* en *aangee-*lewe deur ons te leef; wanneer ek en jy dissipels maak wat self ook *oorgee-*, *omgee-* en *aangee-* mense soos ons Koning is. [Besoek www.amosafrica.net om die publikasie *Oorgee, Omgee, Aangee* gratis af te laai. Jy kan ook 'n e-pos aan secretary@amosafrica.net stuur om 'n harde kopie te betsel.]



Gebedsopdrag:

- † Bid dat landbouers oorgee-, omgee- en aangee-mense sal word.
- † Bid dat die Koninkryk van God deur die maak van dissipels in die landbougemeenskap sal kom.

Laat u Koninkryk kom – ook in die landbou!

Verklaring

op grond van Jesus se belofte en uitnodiging in Markus 11:22-24

Die Koninkryk van God sal kom – ook in die landbou!

Die Koning sal geëer en gehoorsaam word – ook in die landbou!

Oorwinning en herstel sal plaasvind – ook in die landbou!

***Living and Farming God's Way* sal oral in Afrika 'n werklikheid word!**

Want vir ons is daar 'n Kind gebore,

'n Kind met méér as een Naam:

Hy is die Lam én die Leeu;

Hy is die Redder én die HERE;

Hy is die Sterk Verlosser én die **Ewige Koning** -

Sy heerskappy sal voortdurend uitbrei en nooit ophou nie!

Donker Afrika sál 'n lig word vir die nasies;

Honger Afrika sál die wêreld voed;

Boere sál geseën word om tot seën te wees;

Landbouers sál rentmeesters van hulle grond wees;

Die landbougemeenskap sál God se verteenwoordigers wees!

Want vir ons is daar 'n Kind gebore,

'n Kind met meer as een Naam:

Hy is die Lam én die Leeu;

Hy is die Redder én die HERE;

Hy is die Sterk Verlosser én die **Ewige Koning** -

Sy heerskappy sal voortdurend uitbrei en nooit ophou nie!



Bylaag 1 Die Koninkryk in die Landbougemeenskap

Living and Farming God's Way is nie net 'n slagspreuk nie – dis die lewenstyl in die Koninkryk van God. ***Living and Farming God's Way*** beteken boerdery met grense! **LFGW** se grense is die wil en begeerte van ons HERE en Koning. In die Koninkryk van Duisternis boer mense sonder grense. Daar maak hulle net soos hulle wil. Wetteloosheid en losbandigheid is die verwerping van Jesus as HERE en Koning. Dis om 'n bespotting van God se genade te maak.

Luister wat sê die Koning in sy Woord:

† Lees Judas vers 4.

.....

In *AMOS* wil ons sien dat die Koninkryk van God sigbaar word in die landbou-gemeenskap. Daarom is *Amos Agrimin* se kernbesigheid



Ten opsigte van hulle **verhouding met God**, beteken dit o.a. dat mense in die landbougemeenskap:

- ✓ Hom as VERLOSSER aanvaar;
- ✓ Hom as KONING loof, eer en dank;
- ✓ Hom as HERE gehoorsaam in alles wat hulle dink, sê en doen.

Dit veronderstel 'n paar dinge:

- i) Dat die volle Evangelie aan hulle verkondig sal word.
- ii) Dat hulle die vrymoedigheid sal hê (Hebreërs 10:19ev en 1 Johannes 3:21-22) en die vaardigheid sal aanleer om met die Koning te kommunikeer. Sonder kommunikasie is daar tog geen sprake van enige verhouding nie.
 - Hulle moet na die Woord luister of dit self lees;
 - Hulle moet God se stem hoor;
 - Bid.
- iii) Dat die basiese waarhede aangaande die Koninkryk van God aan hulle geleer sal word.
- iv) Dat die mag en houvas wat die Bose en/of alle ander gode oor hulle het, in die Naam van die Here Jesus verbreek sal word.

Ten opsigte van mense, beteken dit o.a. dat almal in die landbougemeenskap wie se verhouding met God herstel is:

- ✓ Hulleself moet sien as burgers van God se Koninkryk;
- ✓ Verstaan hoe hulle hierdie burgerskap verkry het;
- ✓ Leer hoe die Koning wil hê sy burgers teenoor mekaar moet optree, maar ook teenoor mense wat nog nie deel van sy Koninkryk is nie;
- ✓ Weet dat die liggaam van die mens nie op sigself minderwaardig of sondig is nie, onder andere aangesien Jesus in sy menslike liggaam God aan ons kom openbaar het (Kolossense 1:15).

Dit veronderstel 'n paar dinge:

- i) Hulle moet geleer word dat hulle as burgers van God se Koninkryk mense met 'n nuwe identiteit en nuwe status is.
- ii) Hulle moet verstaan watter beginsels en werklikhede geld in die Koninkryk van God en hulle moet leer om daarvolgens lewe. Op grond van wie hulle nou is, moet hulle geleer word om op 'n nuwe manier met hulleself en ander mense saam te leef.
- iii) Hulle moet doelbewus geleer word dat, op grond van hulle sterwe en opstanding saam met Christus, hulle nou hul ou manier van lewe (hoe hulle gedink, gepraat en gedoen het) moet



afsterf. Egipte se lewenstyl moenie in Kanaän ingedra word nie (Levitikus 18:3). Die heidene wat daar gebly het se lewenstyl moenie nagevolg word nie (Deuteronomium 7:1-6 en 7:23-26).

Ten opsigte van die skepping beteken dit o.a. dat die landbou-gemeenskap wie se verhouding met God herstel is:

- ✓ Verstaan dat Christus ook die eerste en belangrikste plek in die skepping inneem;
- ✓ Weet dat ALLES uit Hom, deur Hom en tot Hom geskape is;
- ✓ Glo dat ALLES in die skepping deur Christus in die regte verhouding met God geplaas is;
- ✓ Weet dat die skepping deel van God se Koninkryk is en daarom ook die lof van die Koning moet verkondig.

Dit veronderstel 'n paar dinge:

- i) Die landbougemeenskap moet geleer word dat die skepping nie minderwaardig en onbelangrik is nie. Vir God is dit só belangrik dat Hy dit deur die bloed van sy Seun met Homself versoen het.
- ii) Maar hulle moet ook leer dat niks in die skepping God of goddelik is nie. Daarom mag geskape dinge nie as God aanbid of vereer word nie.
- iii) Mense moet leer om die skepping met soveel liefde, respek en sorg te hanteer dat dit die lof en grootheid van God sal bly verkondig. Hulle moet leer om alle landbou- en ander praktyke te staak wat tot die vernietiging van die skepping en/of die uitwissing van enige organisme of spesie (plant of dier) kan lei. Dink só daaraan: Met elke dier of plant wat deur ons toedoen uitgewis word, haal ons een lid uit die koor van die skepping wat dag en nag God se lof moet besing (vgl Psalm 148 en Openbaring 5:13). Om die natuur te vernietig is om God te beroof van die lof en eer wat Hom toekom.
- iv) As landbouers moet ons ook God se medewerkers word in die herstel van alles wat deur die sonde gebreek is. Ons moet leer hoe om die agteruitgang en verval in die skepping teen te werk en die skepping te help om God se lof te verkondig. Ons moet nou reeds begin om dit wat God volgens Romeine 8:21-22 eendag gaan doen, 'n werklikheid te maak. Nie net in ons eie lewe nie, maar ook op ons grond, behoort iets van dit wat in die toekoms gaan wees, nou reeds sigbaar te word.



Bylaag 2

Om verder oor na te dink

1. Koninkryk van Duisternis:

Burgers word gedryf deur selfsug en eie belang! In aansluiting by hulle hoogmoed en verwaandheid, draai alles vir hierdie burgers om die ***eie-ek*** en die ***groot self***. *Selfsug, selfverryking, self-handhawing, self-standigheid* (om nie van God afhanklik te wil wees nie), *eie-belang, eie-geregtigheid, eie-wil, eie-eer* en so kan ons aangaan. Alles (ook die skepping) en almal is daar ter wille van *mýself*. Die gevolg hiervan is dat onreg aan die orde van die dag is. Lees Jakobus 3:13-18.

Koninkryk van God:

Burgers dra ander se belange op die hart! Omdat die Koning nie gekom het om gedien te word nie, maar om te dien en sy lewe vir ander af te lê (Markus 10:45), is die belange van ander ook vir die burgers van sy Koninkryk belangriker as hulle eie belange (Filippense 2:3-8 en 1 Johannes 3:16-18). Die Koning self het die voorbeeld vir sy burgers gestel hoe om ander in liefde te dien (Johannes 13:12-17).

Die probleem is dat ons dikwels in die Koninkryk van God steeds sukkel met hierdie EK-ding. Dit gaan oor *mý saligheid, mý kerk, mý manier van aanbedding, mý opvatting oor 'n saak, mý voorspoed en seën, mý ..., mý ...* Dikwels maar weer ten koste van ander. Reken jousef as dood vir dié sonde – dan kan die Koninkryk kom.

2. Koninkryk van Duisternis:

Onreg is aan die orde van die dag! Waar alles net om jousef draai, kan dit nie anders nie. Mense word vertrap, uitgebuit en misbruik – veral weerlose mense soos armes, kinders, vroue, weduwees en ou mense. Ook die natuur ontgeld dit en word vernietig. Meeste van die profete in die Ou Testament se boodskappe was teen die onreg van hulle tyd gerig. Dink maar aan Amos en Jeremia as twee voorbeelde.

Koninkryk van God:

Dis 'n Koninkryk waar reg en geregtigheid geskied! Reg en geregtigheid is eienskappe van die Koning self en dus ook van sy regering (Jesaja 9:5-6; Daniël 4:37). Daarom verwag Hy dat die



burgers van sy Koninkryk ook reg en geregtigheid sal laat geskied (Jeremia 9:24; Amos 5:24; Miga 6:8; Sagaria 7:9-10).

Ek dink steeds dikwels aan die woorde van Boet Pretorius in 2004, nadat hulle al hulle grond in Zimbabwe verloor het: *Don't expect justice, but always act justly.* Dit is my en jou roeping: om ten spyte van onreg wat ons dikwels aan ons eie lyf voel, steeds regverdig en reg op te tree. Dit is om die kwaad deur die goeie te oorwin. Die Koninkryk van God word nie deur 'n handves van menseregte gevestig nie, maar deur mense wat elke dag oral die aard en karakter van hul regverdige Koning vertoon.

3. Koninkryk van Duisternis:

Gebroke verhoudings: Die hele Skrif is baie duidelik daarvoor dat sonde letterlik alle verhoudings verbreek het: die verhouding met God, met mense en met die skepping. Daar het afstand tussen God en mens gekom (Romeine 3:23) en mense het as vyande van God en mekaar begin leef (Romeine 5:10; Titus 3:3). Mense het die aarde begin vernietig (Habakuk 2:17 en Openbaring 11:18). Skeuring, verdeeldheid, partyskappe, egskeiding, eensaamheid en isolasie is die alledaagse gevolge van gebroke verhoudings.

Koninkryk van God:

Herstelde verhoudings: Die burgers van hierdie Koninkryk se verhouding met God is volkome herstel (Romeine 5:1). Die vyandskap en muur van skeiding wat daar tussen volke en groepe was, is afgebreek (Efesiërs 2:13-16). Volgens Kolossense 1:20 het God deur Christus alles met Homself versoen. Christus het alles weer “op die regte plek” gesit, in die regte verhouding met mekaar geplaas.

Die probleem is dat ons die haglike lewensomstandighede van die KvD weer probeer deel maak van God se Koninkryk. Verdeeldheid, skeuring en partyskappe word deel van ons kerk wees. Paulus sê dit bewys hoe wêrelds ons is, nie hoe goed of heilig ons is nie (1 Korintiërs 3:1-4). Die Woord vermaan ons dikwels om nie die slegte goed van die ou koninkryk in God se Koninkryk in te smokkel nie. Dit is hierdie beginsel wat onderliggend was aan die herhaalde opdrag aan Israel om, wanneer hulle in die beloofde land kom, nie die gewoontes en gebruike van daardie heidense volke aan te leer nie (Levitikus 17:3 en Deuteronomium 7:1-6 en 7:23-26, asook Deuteronomium 18:9-14).



4. Koninkryk van die Duisternis

Mense se aksie lei tot geeste en gode se reaksie! Mense neem die inisiatief in 'n poging om die verhouding met die gode en geeste reg te hou. Hulle doen iets waarop die gode en geeste dan reageer. Dié burgers glo ten diepste dat hulle hulself moet verlos en beskerm deur oor en oor sekere dinge te doen, veral wanneer hulle agterkom dat die gode en geeste vyandig teenoor hulle is.

Koninkryk van God

Die Koning se aksie lei tot die mense se reaksie! God het die inisiatief geneem om die mens te verlos. Hy het sy Seun gestuur toe ons nog sondaars was (Romeine 5:8). Die burgers van God se Koninkryk se hele lewe is 'n reaksie op die koms van Jesus, hulle Verlosser en Koning (vgl. Titus 3:4ev). Sy koms was immers die sigbare bewys van God se liefde, goedheid, barmhartigheid en ontferming! Die koms van die Koninkryk is die inisiatief van God. Die feit dat ons daaraan deel het, is die werk van God. Ons enigste gepaste reaksie is lof, eer en dank aan die Koning (Kolossense 1:12-14)!

Baie mense glo steeds dat hulle iets moet doen om gered te word. Hulle wil eers self ophou rook, drink, vloek, steel of onsedelik lewe, dan sal Jesus hulle aanneem. Hulle glo vas dat hulle moet presteer om gered te word, want dis die leuen wat in die KvD verkondig word. Hulle moet die goeie nuus van die Evangelie hoor: Jesus het gekom om sondaars te red. Sondaars kan hulleself nie red nie (Lees Romeine 3:9-28 en 5:8-10, asook Galasiërs 2:15-21).

Die enigste goeie nuus vir mense buite die Koninkryk van God is dat Hy steeds mense uit die Koninkryk van die Duisternis ruk en hulle burgers maak van die Koninkryk van sy geliefde Seun (Kolossense 1:13). Daarom pleit ek by almal wat nog in duisternis en vrees lewe: Glo in die Here Jesus Christus. Aanvaar die verlossing en versoening met God wat Hý bewerk het. Maak Hom die Koning van jou hele lewe. Daar is vandag nog tyd om in te kom.





Die naam, **AMOS**, is afkomstig van die profeet Amos in die Ou Testament. Hy was 'n boer. Hy het veral gewaarsku teen uiterlike vormgodsdienste, allerhande onreg en uitbuiting in sy tyd. Die profeet Amos verkondig dat godsdienstigheid alleen nie genoeg is nie. God se kinders moet 24 uur van elke dag in verhouding met Hom en volgens sy wil leef. Die woord **Agrimin** is 'n afkorting van *Agricultural Ministries*, wat landbou-bediening beteken.

AMOS se logo is ryk aan simboliek. Die naam is prominent gedruk. Die windpomp simboliseer landbou. Die windpomp voorsien water en bring lewe en voorspoed. Ons by **AMOS** bely Jesus Christus (die rooi kruis), as die Bron van Lewende Water (blou stroom), die Een sonder wie die oorfloedlewe onmoontlik is. Net soos die windpomp afhanklik is van die wind om te kan funksioneer, bely ons met hierdie logo dat ons afhanklik is van die kragtige werking van die Heilige Gees.

Amos Agrimin se kernbesigheid

Ons wil sien dat die **Koninkryk van God** sigbaar word in die **landbougemeenskap**.

Daarom is Amos Agrimin se kernbesigheid:





Amos Agrimin

+27 (0)86 580 0064

secretary@amosafrica.net

Amos Streke (vir kontakbesonderhede besoek ons webwerf)

Amos Agrimin Kaap
Amos Agrimin Noord-Kaap
Amos Agrimin Sentraal

Amos Agrimin
Eerste Nasionale Bank
Brandwag
Takkode: 230 534
Rekeningnommer: 5299 000 8842

www.amosafrica.net